# HOOFSTUK 4

## VOOGONDERWYS IN DIE CHRISTELIKE SKOOL EN HOE DIT DIE KIND EN DIE VOOGDE RAAK

### I. INLEIDING

Uit die vorige hoofstuk blyk dit duidelik teen watter agtergrond die voogonderwyser sy opvoedingstaak moet verrig. Die vraag kan gestel word of die skool dit as 'n uitdaging sien om koers en rigting aan die kind en ouer te gee en of hy bereid is om met sinvolle voog=onderwys die tweede kilometer te wil loop.

### A. DIE CHRISTELIKE SKOOL

Die wetgewing[1] waardeur die Christelike karakter van die openbare skole in die Republiek verpligtend gemaak is, kan nie die ouer of die onderwyser Christelik-gelowig maak nie. Inhoud kan slegs aan die wetgewing gegee word as die skool, die kerk en die gesin in wese Christelik is deur die voor=beeld en gesindheid.

Sover dit die skool aangaan, is Christelike opvoeding slegs moontlik as elke onderwyser as Christengelowige elke oomblik in die geloof opvoed. Die sin van die godsdienstige opvoeding lê daarin dat ons geskikte instrumente moet wees om God te dien, God se werk te doen, God se kinders te wees op dié plekke waar Hy ons geplaas het én in die lewensverbande

---

1) Wet 39 van 1967 en wysigingswet 73 van 1969.

/103.

waarin God ons plaas. Elke opvoeder is dus geroepe om die Christelike kern in die opvoeding te plaas - dan sal daar ware betekenis en rigting in die opvoeding kom.[2)]

Die Afrikaner maak daarop aanspraak dat hy 'n Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing huldig. Die Afrikaanse skole huldig ook so 'n beskouing. Maar indien dit gebeur dat godsdiensperiodes vir die afrigting van atletiek, operettes en kunswedstryde aangewend word, ontbreek dit dan nie aan ware Christelike opvoeding en onderwys nie? Godsdiens=onderrig is nie bloot 'n afgesonderde halfuur per dag nie, maar word ook openbaar in die gebed, die natuur en die ander lesse. Die onderwyser se hele lewe moet 'n getuienis dra wat met erns tot sy leerlinge uitgaan en wat hulle deur God se genade in die hart ráák. So ontwikkel die kind se eie geloofsvertroue in die almagtige Skepper en Onderhouer.[3)] In die klaskamer, op die sportveld, in die personeelkamer, in die hoof se kantoor - oral - moet die gesindheid van Jesus Christus, die groot leermeester, immer heerskappy voer. Het dit nie tyd geword dat daar ernstig aandag aan Christelike opvoeding gegee word nie? Waar dit hier spesifiek oor die skool gaan, moet die voogopvoeder besin of hy lou en neutraal staan teenoor God, of hy stagnant en gemaksugtig is. Hy

---

2) Coetzee, W.J. Die praktiese beslag van die Christelike skool. <u>Fokus</u>, 1(3): 188-189, November 1973. Vgl. ook: Pistorius, P. Gister en vandag in die opvoeding, p.1; Waterink, J. Theorie der opvoeding, p. 561; Van Loggerenberg en Jooste, Verantwoordelike opvoeding, p.36; Redaksioneel: Werklikheidsvisie, Opvoedkunde en opvoeding. <u>Fokus</u>, 1(2):73-74, Augustus 1973.

3) Stone, H.J.S. Opvoeding en religie, p. 37-46. Vgl. ook: Gevoelsmatige wording by die jong kind: T.O.D. Streeks=kursus in junior primêre onderwys, deel II, p.10.

moet hom opnuut afvra wat sy taak is - kennisnajaging sonder opvoeding of opvoeding deur Christelike kennisonderrig. Dit is immers onmoontlik om 'n Christelike beskawing met neutrale skole in stand te hou. Hoewel 'n onderwyser nie die dogma van sy kerk aan kinders mag leer nie, beteken dit nie dat hy t.o.v. die Christelike godsdiens 'n neutrale houding moet inneem nie. Dit is trouens ook nie moontlik nie, want deur die hele optrede van die onderwyser word sy lewenshouding weerspieël. Hy kan alleen vrug op sy werk verwag as hy 'n gebedslewe lei waarin hy God gedurig om leiding vra sodat die kinders die ideaal wat hy aan hulle voorhou, in sy lewens=wandel mag sien.

Die vraag kan gestel word of neutrale kolleges en universi=teite met neutrale vakwetenskappe en opvoedkunde wel Christelike onderwysers kan oplei. Potgieter het in sy navorsing bv. bevind dat hierdie gees van neutraliteit in 'n belangrike mate kon bygedra het dat die meerderheid hoofde van Afrikaanse skole nie die Christelike lewensbeskouing en Christelike onderwys as van fundamentele en eerste belang vir elke faset van hulle taakomgewings gestel het nie.[4] Hierdie is 'n ernstige saak wanneer hoofde as professionele, kulturele en geestelike leiers van hulle skole hierdie wesenlike in die opvoeding nalaat.

Die Christenopvoeder moet wéét wat die opvoedingsbetekenis van sy Christelike lewensopvatting is, want sonder daardie kennis sal dit moeilik en miskien onmoontlik wees om Christelik op te voed. Die Christenonderwyser as deskundige voogonderwyser en -opvoeder behoort deur opleiding deskundige

---

4) Potgieter, D.G. Die roeping, taak en opleiding van die hoof van die Christelik-Afrikaanse skool, p. 327.

kennis van sy Christelike lewensopvatting op te doen. Hy moet 'n diepgaande studie maak van die Christelik-Protestantse huwe= liks- en doopsformuliere, die Heidelbergse Kategismis en die Heilige Skrif met behulp van konkordansies, veral t.o.v. verwysings na die kind, die opvoeding, eise wat aan die volwassene gestel word, ens. Werk moet daarvan gemaak word om die Christelike opvoedkundige beginsels effektief in die skool te huisves, te bevorder en te verwesenlik, sodat God daardeur geëer en gedien kan word.[5)]

Van Wyk gee duidelike riglyne hoe die godsdienstige opvoeding die skoollewe moet deursuur. Die onderwyser se boodskap moet deur sy eie siel gaan. Die gebed moet ook uit danksegging bestaan, terwyl smeking nie net vir besondere behoeftes of node moet wees nie, maar die hele lewe moet deur gebed gedra word. Die onderwyser sal wêreldnuus van die dag gelowig met die kind bespreek en hy sal die lig van die ewige Woord van God op elke lewensituasie laat val.[6)]

---

5) Schutte, B.C. Die saak teen die skool. Fokus, 1(3):154, Nov. 1973. Vgl. ook: Landman, W.A. & Kilian, C.J.G. Leesboek vir die opvoedkunde student en onderwyser, p. 90 - 91; Van Loggerenberg en Jooste, op.cit., p.45; Van den Berg, J.H. Die veranderde en veranderende status en rol van die blanke onderwyser, p. 174; Van Wyk, J.H. Covsa studiestuk nr. 7:13; Sonnekus, M.C.H. Die Transvaler, p. 8, 19 Maart 1974; Coetzee, J.C. 'n Christelike opvoedkunde op Calvinistiese grondslag, Fokus, 1(2):77-83. Augustus 1973; Stone, H.J.S., op.cit. p.49.

6) Van Wyk, J.H. Jy moet dit jou kinders inskerp. Reeks B: Voorligtingstukke oor opvoeding en onderwys nr. 3, 1973. Covsa. Vgl. ook: Stone, H.J.S., op. cit., p. 49 - 54.

## B. DIE CHRISTELIKE SKOOL EN NASIONALE DEUGDE

Saam met die Christelike opvoeding moet ook die nasionale opvoeding gesien word. Christelike opvoeding soos dit in die skool geimplementeer word, is innig met die kulturele lewe, die geskiedenis en die sosiale struktuur van die volk verweef.[7] Die skool se taak om by leerlinge ŉ sosiale, kulturele en nasionale trots te ontwikkel, gesien in die lig van hoofstuk 3,[8] strek verder, nl. om dit ook by baie ouers tuis te bring. Prof. H.B. Thom skryf in ŉ artikel hoe daar in die jare 60 in die V.S.A. van skole verwag is om deugde soos gelykheid, samewerking, onderlinge begrip en verdraagsaamheid onder mense van verskillende kleure te bewerkstellig. Hy haal ene Christopher Jencks aan wat n.a.v. hierdie projek gevind het dat skole in werklikheid in die lewens van volwassenes geen verskil maak nie. Daar was ook geen bewyse dat die skool se pogings enige beduidende sosiale veranderinge buite skoolverband te weeg gebring het nie. Hoewel skole ŉ belangrike invloed op kinders uitoefen, is dit nogtans onwaarskynlik dat die invloed tot in volwas=senheid voortgedra sal word. N.a.v. Jencks se bevindings sê Thom dat ons nie maklik van Amerika moet oorneem of na-aap nie. "As ons dit doen, sal ons sien dat dit verkeerd is om die skool in die eerste instansie te wil gebruik om ŉ verskeidenheid van skone nasionale deugde by ons mense tuis te bring, hoe verdienstelik sulke ideale op sigself ook al kan wees, aangesien die skool in die eerste plaas daar is

---

7) Potgieter, D.G., op. cit., p. 248-253. Vgl. ook: Roux, C.J. Opvoeding of indoktrinasie. Onderwysblad, 829(LXXVI): 240, Oktober 1969; Van Loggerenberg en Jooste, op.cit.,p.59-61.

8) Vgl. p. 40 hierbo.

om die gees te versterk en karakter te bou; alle ander dinge, hoe goed dit ookal kan wees en hoe graag ons dit ookal wil hê, is bykomstig of insidenteel. Mooi lof=waardige bykomstige of insidentele resultate sal natuurlik altyd verwelkom word, maar die nastrewe daarvan mag die essensiële, t.w. karakterbou en die versterking van die gees, nie verdring nie. Dit is eerder so dat, as die essensiële op eerlike en suksesvolle wyse as eerste doel=stelling nagestreef word, die gesonde bykomstige of insidentele resultaat vanself ook nie agterweë sal bly nie."[9)]

N.a.v. Jencks se mening kan seker met reg gevra word hoeveel Blanke Amerikaanse onderwysers met oortuiging gelykstelling en verdraagsaamheid verkondig het, hoeveel Blanke ouers hulle steun hieraan gegee het en hoeveel verbittering en teenstand moontlik geskep is. Daar is egter Amerikaanse opvoedkundiges wat beslis vind dat ouers se gesindhede teenoor hulle kinders verander en dat kinders se gesindhede daardeur ten goede verander.[10)] Dit is ook waarskynlik waar dat skole se invloed op kinders te hoog aangeslaan word. Hulle volg immers hulle ouers as belang=rikste opvoeders se voorbeeld na. Juis daarom skyn dit nodig te wees dat die skool die ouers tot ander opvoedings=insigte van hulle kinders moet bring, veral ook as Reimer se bewering aanvaar word. Hy sê nl. dat die skoolsisteem in minder as 'n eeu die hoofmeganisme geword het vir die

---

9) Thom, H.B. V.S.A.-skole het 'n les vir ons. <u>Huisgenoot</u>, 2671: 71, 22 Junie 1973.

10) Vgl. Baillard & Strang, Parent-teacher conferences, p. 32-33 en Auerbach, A.B., Trends and techniques in parent education, p. 33-34.

/108.

verspreiding van alle soorte waardes onder alle soorté mense in die wêreld. Hy sê dat die skool ook grootliks die gesin en die kerk vervang het.[11)]

Dit moet onthou word dat die Christelik-nasionale skool in die Republiek die héle kind opvoed. As die kind se "karakterbou en versterking van die gees" in die skool gaan skade ly omdat die skool en huis se gesigspunte verskil, bv. die huis is onchristelik, onverskillig, onnasionaal, belangeloos, ens., móét die skool d.m.v. samesprekings die ouers tot ander insigte probeer bring. Die skool het die ouer se opvoedingstaak grootliks oorgeneem - die skool moet die ouer leer om weer sý regmatige taak te doen. As die skool nie sterk positief Christelik en nasionaal in woord en daad is nie, sal daar nog meer afvalligheid wees, nog meer permissiwiteit en onnasionale deugde. Die ouer moet geleer word om dikwels, ja oorvloediglik, by sy en sy kind se skool te wees.

As die onderwyser nie ook skone nasionale deugde by sy mense mag of moet tuisbring nie, het hy eintlik geen roeping nie, ontaard hy net verder in 'n blote onderwyser, in 'n vakman. En as hy nasionale deugde net aan die kind mag tuisbring, wat help dit as die kind hierdie invloed waarskynlik nie tot in sy volwassenheid sal voortdra nie? Daarom behoort liewer met alle mag probeer te word om skool en huis se gesigspunte

---

11) Reimer, Everett. School is dead, p. 26-27.

oor opvoeding op 'n Christelik-nasionale grondslag bymekaar te bring. Groenewald is van mening dat die voogonderwyser hom van die ouers, wie se kinders aan sy sorg toevertrou is, se lewensbeskouing moet vergewis. Dit is noodsaaklik dat hy as plaasvervangende ouer en voog dieselfde "taal" as die natuurlike ouers moet besig terwille van die konsekwentheid van die opvoedingsproses.[12] Dit kan alleen geldend wees, mits die ouer se lewensbeskouing Christelik-nasionaal en sy opvoedingspraktyk korrek is.

Daar is baie opvoeders in huise én skole waar die Christendom nie beveg word nie, ook nie doelbewus ondermyn word nie, maar die Christelike beginsels ewe min vir elke lewensterrein doelbewus by kinders ingeskerp word. Huis en skool moet saamspan sodat die kinders as medestryders van Jesus hulle kultuurtaak later as volwassenes kan volvoer.[13]

Sou hierdie noodsaaklike samewerking ontbreek, of sou die skool in louheid sy opvoedingstaak verrig, kan toestande ontwikkel soos bv. in Engeland waar die godsdiens vroeër nie alleen die sosiale orde, gesags- en magstrukture goedgekeur het nie, maar ook die waardesisteme. Gemeenskappe het egter met verloop van tyd verander tot 'n basies nie-godsdienstige onsamehangendheid in gesindhede. Daar is baie gelowe - sommige teenstrydig met mekaar; daar is onverskilligheid, wetenskaplike agnostisisme en openlike botsings van waardes

---

12) Groenewald, J.C. Die betekenis van die voogonderwyser vir die psigologies-pedagogiese vorming van die kind, p. 196.

13) Stone, op.cit., p. 69.

selfs in gesinne. Daar is onsekerheid onder volwassénes en ook onder gelowiges hoe om geloof by kinders tuis te bring.[14]

Die skool het ŉ geweldige taak en verantwoordelikheid t.o.v. elke kind wat aan sy sorg toevertrou is. Indien die onder=wyser egter uit voeling is met die godsdiens, ideale, sedes en verwagtinge van die volk, kan hy moeilik sy hele taak t.o.v. die opvoeding en onderwys volbring.[15]

## C. SLOTSOM OOR OPVOEDING EN ONDERWYS IN DIE CHRISTELIK-NASIONALE SKOOL

Soos in hoofstuk 3 aangedui is, lewe ons in ŉ ontwrigte wêreld waar egoïsme en materialisme hoogty vier en waardeur menslike waardes op die agtergrond geskuif word. Dit is onrealisties om te aanvaar dat ouers se siening altyd korrek is. Die skool moet rigting gee. Die intense ideologiese wêreldstryd dra daartoe by om angs, twyfel en lewensonsekerheid mee te bring. Die Christelike skool met sy Christelike voogonder=wysers kan die magtigste middel wees om verandering in siens=wyses en gesindhede teweeg te bring, juis omdat die Afrikaner die Christelike godsdiens huldig. In hierdie verband sê Nel dat die opvoeding en onderwys radikaal omskep moet word in ŉ ware opvoedingstelsel wat primêr daarop gemik is om die geestelike waardes ooreenkomstig ons Christelike godsdiens tot die hoogste peil te voer. Deur wetgewing is die grondslag

14) Wall, W.D. The rôle of education, p. 7-8.
15) Taute, B. Opvoedende onderwys, p. 18-19.

van die skool Christelik en nasionaal, maar daar moet ook op prinsipiële vlak ŉ omskepping wees. Die prinsipiële in die opvoeding is nog nie vasgelê, gesistematiseer en georden nie, moontlik vanweë die heterogeniteit van die bevolking. Hy beveel ŉ omskepping in die opvoeding en onderwys aan wat drieërlei van aard is: ŉ hernude besinning, vaslegging, sistematisering en ordening van die Christelike beginsels in die opvoeding; die opleiding van ŉ gekeurde onderwyserskorps in hierdie beginsels en die reorganisasie van die onderwys=stelsel ooreenkomstig hierdie beginsels.[16)]

## II. DIE SKOOL EN DIE EISE VAN DIE TYD

### A. DIE ONDERWYSER EN VERANDERENDE OMSTANDIGHEDE

As daar ooit ŉ tyd was dat die verantwoordelikheid van die onderwyser ontsettend groot en van ewige waarde is, dan is dit nou. Sy posisie is nou ook baie meer gekompliseerd. In die vorige hoofstuk is die agtergrond waarteen die hedendaagse voogonderwyser sy opvoedingstaak moet verrig, in breë trekke geskets. Die kontak wat die kind met die gemeenskap het, groei uit die lewensverhouding wat die kind in sy jeug in die kring van die familie geken het. So begin die emosionele ontwikkeling van die baba van sy geboorte af. As die kind geen familiekring gehad het nie, of min liefde in die familiekring ontvang het, kan dit wees dat hy as ŉ mens kan opgroei wat nooit egte kontak met die same=lewing vind nie.[17)]

---

16) Nel, B.F. Die opvoeding en die onderwys, p. 43.

17) Waterink, J. De psychologie van het kind op de lagere school, p. 97. Vgl. ook: Winnicott, D.W. The child and the family, p.92.

Die opvoedingstaak van die gesin is grotendeels deur die skool oorgeneem en die onderwyser word daagliks gekonfronteer met die volvoering van die ongedane pligte van die ouer. Die skool neem ook al meer die ontspanning en vryetydbesteding wat vroeër deur die gesin verskaf is, oor. Dit geld ook grootliks vir die kulturele aktiwiteite, die arbeids-opleidingsgemeenskap van die kind en die gesagsfunksie van die ouer. Die gesin is in baie gevalle ook nie meer die liefdesgemeenskap nie; dikwels is die enigste liefde en deernis wat die kind ontvang dít wat hy van die onderwyser ontvang. Die ouer mag egter nooit van sy verantwoordelikheid as belangrikste opvoeder onthef word nie.[18)]

## B. DIE VOLWASSENE, DIE KIND EN SKOOL IN DIE VERANDERENDE OMSTANDIGHEDE

Volwassenes besef te min dat die jeug in hulle handelinge bloot die volwassene se voorbeeld na die daad volg en nie hulle holle woorde nie.[19)] Dit word soms te veel aanvaar dat die ouerlike opvoeding korrek is en dat die skool dit eenvoudig moet voortsit. So sê Kruger en Krause ook dat die besondere wêreldbeeld wat by die kind op grond van sy huislike opvoeding gestalte kry, in die skool verder verstewig en uitgebou moet word.[20)] Die ouer moet eenvoudig gelei word tot ŉ vernuwing en heroriëntering van sy opvoedingsverantwoordelikhede. Die skool van vandag en die skool

---

18) Van der Berg, op. cit., p. 226-227 en 248. Vgl. ook: Oom Jan. Ons het die klei in ons hande. <u>Onderwysblad</u>, 843(LXXX):9, April 1973.

19) Scholtz, I.P. Die jeug ŉ weerspieëling van die volwassene. <u>Handhaaf</u>, 10(4):21, Des. 1972.

20) Kruger en Krause, op. cit., p.313.

van die toekoms sal almeer as 'n sosiale dienskompleks wat met plaaslike en staatsorganisasies geïntegreer is, moet funksioneer. Die noodsaaklikheid vir kerk en skool om tot diens van ouer en kind saam te werk, word al dringender. Die onderwyser sal die sleutelopvoeder wees maar sy rol sal ook die van katalisator wees. Die ouer moet 'n oriëntasieprogram in die skoolfilosofie ontvang, asook skoolprosedure wanneer hy lid van die skoolgemeenskap word. Die neiging om steeds meer verantwoordelikhede aan die skool toe te ken, moet verander, sodat die ouer as verantwoordelike spanlid saam met ander gemeenskapleiers aktief betrokke is. Die verantwoordelikheid vir die morele opvoeding en ontwikke= ling van die kind moet geplaas word waar dit hoort, nl. by die ouer.[21)] Daar word skynbaar voortdurend weggeskram van oueropvoeding of -voorligting. In Transvaal het ouers alle geleenthede om aan alle aktiwiteite van die skool deel te neem deur die skoolkomitee, ouer-onderwysersvereniging, buitemuurse bedrywighede, samesprekings, ens. Vir die huidige is die skool die veldheer wat die voorposte moet beman, is hy die rigtingaanduider, die Christelike en die nasionale leier van die kind. Hy is verantwoordelik vir die opvoeding van die héle kind tot eer van God en vir alle goeie werke volkome toegerus.[22)]

C. <u>DIE SKOOL AS 'N UNIEKE SOSIALE DIENS</u>

Wall stel dit dat die skool die enigste sosiale stelsel is wat in kontak met al die kinders is en déúr hulle met al die gesinne vir minstens 10-12 kritieke jare. Die skool is ook

---

21) Casavis, J.N. Principal's guidelines for action in parent conferences, p.210-215.
22) Van der Berg, op.cit., p.250.

uniek in die sin dat sy rol begryp word as min of meer konstruktief vir alle kinders eerder as remediërend vir party. Dit is essensieel op normaliteit gerig, terwyl die mediese en ander sosiale dienste op hulle beste voor= komend is en deur die meeste mense gesien word as slegs handelende met noodgevalle - swak gesondheid, gesins- of persoonlike probleme, ekonomiese mislukking, ens. Maar die skool het nog steeds die primêre plig om persoonlikheid en karakter te ontwikkel. As unieke sosiale diens moet die skool self, en die opvoeding en onderwys in die algemeen, die hoofwapen wees met die ander dienste as aanvullend.[23) ] Die vraag kan gestel word wat die skool in die Republiek doen om die gesins- en volkslewe te verbeter, veral gesien in die lig dat die skool 10 - 12 jaar kontak met die gesin d.m.v. die kind het. Die skool is 'n magtige wapen om die volk te help en te lei. Wanneer die heersende defaitisme onder baie Afrikanergesinne waargeneem word, moet die skool ook besef dat dit 'n produk van sy opvoeding is.[24)] Daarom behoort die opvoeding en onderwys tot iets gróóts uitgebou te word. Die beste kragte behoort gemonster te word. Dit behoort die belangrikste en ontwikkeldste staatsdepartement te wees.

## D. DIE SKOOL EN DIE KULTUURONTWIKKELING VAN 'N VOLK

Alle kultuurbesit is skeppings van God. Elke kultuurobjek kom van God en moet God dus ook dien. Daarom is die verstandelike vorming van die mens sinloos wanneer dit nie

---

23) Wall, op. cit., p. 2-16.

24) Scholtz, I.P. Ouerverantwoordelikheid en die skool. Onderwysblad, 843(LXXX):37, April 1973.

in die kulturele totaliteit waarin die mens leef, ingeskakel is nie. Die noodsaaklikheid van die vorming van die hele persoonlikheid met die oog op elke lewensaspek kom dus baie sterk na vore in die kulturele vorming.[25] Opvoeding tot kultuur bestaan egter nie net uit opvoeding van buite af nie, maar ook uit opvoeding van binne nl. selfopvoeding. Kultuur is weliswaar altyd 'n kind van vryetydsbesteding, maar kultuur=bloei eis die tug van gedissiplineerde en harde werk.[26] Daarom moet die kind en jongmens opgelei word tot gebalanseerde kultuurmense.[27] Dit is tewens een van die skool se hoof=funksies om nie net kennis en kultuur aan die jeug oor te dra nie, maar ook in groot mate om 'n bydrae te lewer ter uitbouing en bestendiging van die kultuur van die volk. In elke omgewing het die skool vanselfsprekend 'n besondere opvoedings- en opheffingstaak en word daar in 'n groot mate op die roepings=bewustheid van die onderwysers staatgemaak.[28]

Maar wat is die posisie veelal met kultuuraktiwiteite by baie skole? Sommige kinders verstaan dat kultuur op verhewe

---

25. Waterink, J. op. cit., p. 323, 338 en 371.
26. Vloemans, A. Sociologie van de opvoeding, p. 210 en 215.
27. Skinner, B.F. The Technology of teaching, p. 259. Vgl. ook: Van Niekerk, S.G.J. Onderwysvernuwing en enkele onveranderlike waardes. Onderwysblad, 842(LXXX):12, Januarie 1973.
28. Kruger, J.H. Onderwyser en skool, p.33-44. Vgl. ook: Kruger en Krause, op.cit., p. 254 en 267; Richard, G.S. Kultuuraktiwiteite in skoolverband: ons skole doen goeie werk. Onderwysblad 845(81):23, Oktober 1973.

/116.

vorme van die uitvoerende en beeldende kunste dui. Hulle ken dit nie in hulle ouerhuise nie en hulle vorm onbewustelik die gedagte dat dit vir 'n minderheid beskore is. Dit lei tot terugtrekking, verwerping en selfs tot minagting m.b.t. sekere aktiwiteite. Min kinders neem deel aan sport, kunswedstryde, operettes, ens. Baie leer van kleinsaf om pawiljoensitters te word en 'n goeie gehoor te vorm. Die aktiwiteite gaan ook soms om die beeld van die skool eerder as om die vormende waarde daarvan vir die kind. Dikwels staan ouergemeenskappe koud teenoor skole se kultuuraktiwiteite, soos in die geval van die viering van volksfeeste. Die skool bied 'n program aan, die kinders sorg vir die getalle, terwyl die ouers in klein getalle opdaag.[29)]

Die kind word geregimenteer om volksfeeste en -vierings by te woon - opvoedende dwang van buite af - maar die self - of innerlike opvoeding ontbreek. Daarom dat kinders wanneer hulle die skool verlaat, nie erg aan kultuuraktiwiteite het nie. Die volwassenes van vandag is immers ook resultate van kultuuropvoeding.

Daarom is dit so noodsaaklik dat hoofde van skole hulle ouer-onderwyserverenigings moet lei om hulle gemeenskappe te "hervorm". Skole behoort ook ernstig daaraan te dink om waar dit prakties moontlik is, selfstandige skakelkomitees in hulle gebiede te vorm. Dit sal kan meebring dat meer ouers aktief aan kulturele aktiwiteite deelneem, hulle kinders reg voorgaan en saam die skool in sy kultuurtaak steun en deelneem.

---

29) Fredericksen, J. Kultuuraktiwiteite in skoolverband: 'n skroef los. Onderwysblad, 845(81):23, Oktober 1973.

/117.

## E. DIE OORDRA EN GEBRUIK VAN KENNIS

Van die mens van ons tyd word meer intelligensie, meer dinamiese bekwaamhede en meer emosionele ewewigtigheid om by veranderinge aan te pas, verwag. Hierdie eise sal in die toekoms vermeerder. Dit impliseer fundamentele veranderinge in die opvoeding en onderwys van min of meer outoritêre oordra van versamelde kennis tot die beklemtoning van die gebruik van kennis en ondervinding as die basis vir probleemoplossing, die maak van keuses en die aanvaarding van verantwoordelikhede. Die kenmerk van die opgevoede persoon sal nie wees wat hy weet nie, maar sy bekwaamheid om te ontdek en om kennis objektief op nuwe situasies toe te pas. Intelligensie is die snykant van die verstand; die dryfveer is emosioneel en lê diep in die persoonlikheid en karakter. Dit is die geval in die meeste omstandighede, veral in die oplossing van menslike probleme - persoonlik, sosiaal en polities.[30] Illich beweer implisiet dat die mees doelbewuste kennisverwerwing nie die gevolg is van geprogrammeerde onderwys nie, maar van terloopse kennis=verwerwing. Hy sê die kind leer om te lewe buite die skool sonder die tussenkoms van 'n onderwyser. Die skool sou vanweë sy samestelling neig om volkome op die tyd en energie van die kinders beslag te lê. Dit maak dan van die onderwyser 'n versorger, 'n prediker en 'n terapeut. As versorger lei hy die kinders deur 'n doolhof van rituele, sonder illusies om

30) Wall, op.cit., p.14.

aan die kinders essensiële kennis te voorsien en hulle word gedril in 'n klomp basiese roetines. As moralis is hy plaasvervanger van die ouers of die staat wat die kind indoktrineer met wat reg of verkeerd is, nie net in die skool nie, maar ook in die gemeenskap. As terapeut voel die onderwyser gemagtig om in die persoonlike lewe van die kind te delwe om hom te help om as persoon te groei en te ontwikkel. Wanneer hierdie funksie deur 'n versorger en prediker gedoen word, beteken dit gewoonlik dat die onderwyser die kind wil oorreed om sý oordeel van die waarheid en sý begrip van wat reg is, te aanvaar.[31] Dit word toegegee dat die skool alleen nie die kind opvoed nie. Daar is die ouers, die gemeenskap en die omgewing, maar dit bly die skool se taak om die kind 'sy intelligensie op 'n opgevoede wyse te leer gebruik.

Ongelukkig is baie onderwysers veels te bang om inisiatief aan die dag te lê, om te eksperimenteer en iets nuuts te waag. Dis moeilik vir hulle om los te kom uit die spinneweb van gevestigde maar soms uitgediende onderwysmetodes en om af te wyk van gebaande weë. Te veel onderwysers vergeet dat ons in 'n gespesialiseerde wêreld lewe waar die professionele mens voortdurend sy kennis moet opknap of anders uitsak. Veral t.o.v. die opvoedkunde en onderwys moet onderwysers op hoogte van die nuutste verwikkelinge op dié gebiede wees.[32]

---

31) Illich, I.D. Deschooling society, p. 20 en 36 - 39.

32) Robinson, P. Dae van vreesinboesemende inspekteur verby. Mondstuk, 1(10): 3, April 1973.

In die Christelik-nasionale stelsel moet die onderwyser sy posisie uiters waardig beklee en die kind as mens sien. Sy posisie moet agting wek en hy mag dit nooit misbruik nie. "Die Christen-onderwyser is bewoë oor die kind voor hom; hy bied nie siellose kennis aan nie, maar homself. Sy voorbeeld, in keurige woord en onberispelike lewenswandel, wek die begeerte tot navolging. Sy billikheid, eerlikheid, harde werk, simpatie en koersvastheid inspireer tot toegewyde inspanning."[33)]

Maar behalwe vir die opvoeding en onderwys van die kind het die skool ook juis ter wille van die kind 'n terapeutiese taak t.o.v. die gemeenskap. Die kind se mislukking om hom by die skoollewe aan te pas en sy gebrek aan emosionele ewe=wigtigheid as dryfveer van die ontplooiing van sy moontlike intelligensie, is maklik die betroubaarste aanduiding dat daar iets in die gesinslewe skort. Dit is waarskynlik dat die ouer advies van die onderwyser sal aanvaar. Die hoof en ook onderwysers bevind hulle dikwels in die posisie as gesinsraadgewers en dit blyk gewoonlik gesonde verstand te wees wat die middele voorsien sodat ouers hulle taak doel=treffender kan verrig. In die huidige tydsbestek is daar sterk motivering vir die opleiding van hoofde en onderwysers in gesinsamesprekings d.m.v. opknappingskursusse na 'n paar jaar professionele ervaring.[34)] Deur middel van samesprekings kan voogonderwyser en ouers saam beraadslaag sodat kennis sinvoller oorgedra en toegepas kan word.

---

33) Van Wyk, J.H. soos aangehaal deur Van der Berg, J.H. <u>Covsa studiestuk</u> 7: 18 - 19.

34) Stott, D.H. Unsettled children, p. 9 - 11.

## F. DIE "NUWE" SKOOL EN DIE KIND

Met die kennisontploffing gedurende die afgelope paar dekades skyn dit of die opvoedkundige wêreld paniekbevange is. Daar word skynbaar getrag om sillabusse so vol moontlik met feite en gegewens te prop, wat in so 'n kort moontlike tyd "oorgedra" moet word. Daar is 'n gejaagdheid om deur skemas te kom, wat so maklik die doel, nl. dat die kind hierdie kennis kan verwerf, intelligent verteer en sinvol kan toepas, verydel. Die gevaar is ook groot dat met die gesug na nuwe kennis daar van die laerskoolkind bloot 'n robot en van die laerskool 'n klein hoërskooltjie of universiteitjie gemaak word en dat in dié proses die lewens= waardes wat in die Woord van God geanker is, vergeet word. Die kind in die laerskool wat liefdevolle leiding nodig het, kan so maklik oorlaai en so ooreis word. Dit kan verder lei tot afkeer van en weersin in skool- en studiewerk en ook opstand teen gesag. Die aard van die inrigting word deur die kind bepaal en nie vice versa nie. Daarom moet die gelowige opvoedkundige ernstig besin en met kalmte koers probeer aandui. Dit is die skool se taak om die hele kind - intellektueel, emosioneel en fisies - as aktiewe wese wat grootliks deur ervaring leer, raak te sien en die opvoeding daarop te baseer.[35]

---

35) Venter, I.J. Die primêre skool onder die soeklig. <u>Fokus</u>, 1(2): 87 - 90. Vgl. ook: Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p. 114 - 115.

## G. BESONDERE PROBLEME VAN DIE KIND VAN ONS TYD

Die kind van ons tyd word groot in n snel veranderende wêreld en hy voel verward en onseker. Baie volwassenes voel ook so. Waar die kind orde, dissipline, liefde en geborgenheid soek, vind hy materialisme, egoïsme, individualisme, n losse huislike lewe en die gemis aan n vaderfiguur met wie hy hom kan identifiseer. Baie ouers en ook onderwysers moedig kinders aan om geestelike waardes bo die materiële te stel terwyl hulle eie lewens van weelde en gemaksug hulle woorde loënstraf. Die mens het n geweldige belangstelling in hierdie wêreld en sy waardes terwyl die ewige waardes uit die gesig verdwyn. Die kind moet opgevoed word in n tydperk waar die moderne mens eensamer word. Hy is verveeld, aardsgesind, dikwels standpuntloos met n afgestompte sedelike oordeel terwyl daar vervreemding tussen hom en Jesus ingegroei het.[36] In die Christelike skool sal elke onderwyser opnuut na binne moet kyk. Dit wat hyself inherent is - sy gelowige roepingsbewustheid, sy persoonlikheid, sy verantwoordelikheidsin - sal aan die kind koers en rigting gee. Hy sal nie net tot die siel van die kind moet deurdring nie, maar sal ook tot die siel van die volk deur die huisgesin moet deurdring. Die onderwyser kan slegs dan die kind se geluk, sy moeilikhede en gedrag peil wanneer hy die vier vlakke van sy lewe - fisies, sosiaal,

---

36) Van Wyk, J.H. op. cit., p. 12 - 13. Vgl. ook: Van Niekerk, S.G.J., op. cit., p. 10 - 11.

emosioneel en intellektueel-intiem ken.[37]

Sonder daardie insig en kennis en bo alles sonder die norme van die Heilige Skrif, die norme van die liefde, is dit nodeloos om op te voed en advies te gee.

## III. DIE HOOF EN DIE CHRISTELIKE SKOOL

Dit is nie moontlik om al die vereistes of bevoegdhede waaraan die Afrikaanse hoof in die Christelike laerskool moet voldoen, hier te behandel nie.[38] Aandag word hoofsaaklik gegee aan sy roeping as professionele leier, en hoe hy uitvoering aan die voogstelsel kan gee tot heil van God, die kinders en die volk waaraan hy behoort.

### A. DIE HOOF SE CHRISTELIKE LEWENSBESKOUING

Gepaard met die hoof se daadwerklike Christenskap gaan ook liefde vir die volkseie en die bevordering van die nasionale bewussyn. By Wet 39 van 1967 het Christelike onderwys in openbare skole in S.A. sy beslag gekry. Dit blyk egter dat hierdie wet nie ŉ verandering aan die gesindheid van vele hoofde gemaak het nie soos blyk uit navorsing wat Potgieter gedoen het nie. In vraagbriewe het hy die hoofde van Afrikaanse primêre en sekondêre skole in Transvaal, Kaapland en Natal versoek om o.a. nege kwaliteite wat húlle dink ŉ beginner-hoof moet besit, in ordevoorkeur te plaas. Die

---

37) D'evelyn, Katherine E. Individual parent-teacher conferences, p. 14.

38) Die leser wat meer van die hoof en sy verpligtinge wil weet word verwys na Potgieter, D.G. Die roeping, taak en opleiding van die hoof van die Christelik Afrikaanse skool. ŉ Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1973.

/123.

kwaliteite was die volgende: hoë intelligensie, vakkennis, insig, onderwyservaring na vereiste, ervaring in skool= administrasie, buitengewone kennis en begrip van mense= verhoudinge, vermoë om 'n geheelbeeld van sy taak te kry, 'n Christelike lewensbeskouing, roepingsbesef. Sy bevinding was dat 59% van die laerskoolhoofde en 69% van die hoërskool= hoofde ánder kwaliteite bo 'n Christelike lewensbeskouing as die belangrikste kwaliteit vir die beginner-hoof aangedui het. Hierdie ontstellende feit het hy moeilik verklaarbaar gevind aangesien die meeste hoofde op kerkrade gedien het en meer as 90% van hulle lede is van onderwysersverenigings met 'n Christelik-nasionale grondslag. Hy maak dié afleiding "dat daar 'n groot aantal hoofde van Afrikaanse skole is wat die Christelike lewensbeskouing huldig maar dit nie as van universele belang in hulle lewens, in die lewe van hulle volk en daarom ook die opvoeding van die kinders van die volk beskou nie... Die vraag kan wel gevra word of die beginsels van Wet 39 van 1967 ooit tot hulle volle waarde en krag in die Afrikaanse skool ontplooi sal kan word, solank daar hoofde is wat nie die Christelike lewensbeskouing as van fundamentele en van eerste belang vir elke faset van die onder= wys en daarom ook van die hoof van die skool beskou nie." [39]
Hy huldig ook die mening dat die meerderheid hoofde skynbaar die praktiese en humane bo die Christelike beklemtoon en dat dit ook nie bo alle twyfel gestel kan word dat al die Afrikaanse skole deur-en-deur Christelik is nie.[40]

---

39) Potgieter, op. cit., p. 199 - 203.
40) Ibid., p. 213 - 215.

Die vraag kom na vore of hoofde wat wel ŉ Christelike lewensbeskouing as prioriteit nommer een aangedui het, waarlik daarop aanspraak kan maak dat hulle skole Christelik in doel en strewe in al die aktiwiteite is. En waar meer as die helfte van die hoofde nie die Christelike grondmotief vooropstel nie, hoeveel duisende kinders, onderwysers en selfs ouers gaan die lewe in en deur die lewe heen met ŉ neutrale [41] gesindheid? Bestaan die Christelike in die skool nie merendeel bloot uit ŉ daaglikse godsdiensperiode nie? Is dit nie ŉ bose kringloop van neutrale onderwys, neutrale onderwysersopleiding en neutrale gesinsopvoeding nie? Die Afrikaanse skool in die huidige tydsgewrig het ŉ duidelike roeping, maar dit is nodig dat hoofde ŉ duidelike siening en begrip van hulle taak het. Die hoof is die sleutelfiguur wat onderwyser en kind deur die voorbeeld moet inspireer en motiveer.

Die vraag is hoe daar ŉ vernuwing in die Christelike opvoeding en onderwys bewerkstellig kan word. Dit skyn voor die hand= liggend dat die opleiding van onderwysers en ook van hoofde wat in 'n gees van neutraliteit geskied, omskep moet word in 'n Christelike opleiding t.o.v. die wetenskap, die wetenskapbe= oefening en die opvoedkunde. Potgieter sê dat die owerhede en hoofde moet toesien dat die beginsels van Wet 39 toegepas word en dat daar gekontroleer moet word dat dit wel geskied. Dit impliseer ook dat die regering en universiteitsrade van Afrikaanse universiteite die gewetensklousule, waar dit nog

41) Streng gesproke kan ŉ mens nie neutraal in die godsdiens wees nie. ŉ Mens kan net die een of die ander weg kies.

bestaan, moet skraap.[42] Die skool is wetenskaplik meer in beweging as ooit tevore en dit het vir die hoof vraagstukke meegebring wat kennis, moed, integriteit, insig en breë visie vereis. Hy moet deur 'n fyn beplande opleidingsprogram toegerus word om met die vernuwinge en veranderinge en hulle opvoedkundige implikasies tred te hou.[43] Wat die wetenskap, vernuwings en meer kennis betref, hou die Transvaalse onderwysdepartement tred met die tyd soos bewys word deur gereelde hoofdesimposiums en talryke oriënterings- en streekkursusse. Dit wil tog voorkom of die vernuwings mank gaan aan diepte en betekenis omdat daar nie doelbewuste aandag aan Christelike Opvoedkunde en al die doelstellings van die Christelik-nasionale lewensbeskouing gegee word nie. En tog word in elke sillabus van elke vak doelstellings aangedui wat na die Christelike en nasionale heenwys, en kan met reg verwag word dat hoofde en onderwysers die Christelik-nasionale moet implementeer. Maar dit gebeur nie, soos deur Potgieter bewys word.

Daarom behoort ernstige aandag geskenk te word aan kursusse wat suiwer oor die Christelik-nasionale Opvoedkunde en metodiek gaan. Aandag behoort ook gegee te word aan in-diensopleiding in die Christelik-nasionale Opvoedkunde wat veral vir nie-gegradueerde hoofde en onderwysers van groot waarde behoort te wees.

---

42) Potgieter, op. cit., 327.
43) Ibid., p. 269.

'n Mens kry die indruk dat te veel klem op die onderwys gelê word, soos o.a. blyk uit die evaluering van studente en onderwysers en dat die ware Christelike Opvoedkunde skade ly. Ook met die inspeksiestelsel met sy inspekteur-kring en inspekteur-vak kan opvoeding skade ly. Oorweging kan geskenk word om inspekteurs-"opvoeding" aan te stel. Hulle taak moet hoofsaaklik wentel om die opvoedingsprogramme by skole, waar besondere aandag, kontrole, voorligting en besieling t.o.v. die volgende aspekte gegee behoort te word:

die mate waarin die opvoedkundige doelstellings in die Christelike en nasionale skool verwesenlik word;

die mate waarin voogonderwys tot sy reg kom as grondslag van gedifferensieerde en geïndividualiseerde onderwys enersyds en as plaasvervangende ouerskap andersyds in die Christelike skool;

die mate waarin ouer-onderwysersamesprekings as voorwaarde vir sinvolle opvoeding en onderwys van die kinders tot sy reg kom;

vroeë skoolverlating en ouervoorligting in hierdie verband;[44]

motivering van hoofde en rigtinggewing in die Opvoedkunde en opvoeding;

die organisering van ouergemeenskappe in ouer-onderwyser=verenigings, wat aktief optree as kultuurliggame,

---

44) In 1973 het daar in Transvaal van 1972 se st. 9-leerlinge 22% die skool verlaat; van st. 8 het 25%, st. 7 7% en st. 6 3% die skool verlaat. Dr. A.L. Kotzee, Die Transvaler, p.2, 30 Julie 1974.

kunskomitees, toneel- en musiekgroepe, ens.;[45] die moontlike skepping by skole van aktiewe immigrantekomitees, taalhandhawingskomitees, ens.

Die hoof moet 'n gelowige Christen en bidder wees, want sonder die Here is alles tevergeefs.[46] Wat persoonlikheidseienskappe betref, moet hy beskik oor selfvertroue, wilskrag, 'n breë visie, standvastigheid, onbevooroordeeldheid, regverdigheid, hoflik=heid, humorsin, respek vir die regte van ander en 'n simpatieke aanvoeling vir menslike swakhede en tekortkominge. Maar bo alles moet hy met idealisme besiel wees. Hy moet kan regeer, oorreed en inspireer vanuit 'n vaste Christelik-nasionale lewensbeskouing. Hy moet 'n duidelike siening van die opvoedingsdoel hê, oor groot mensekennis beskik en die vermoë hê om met mense te werk. Daarby moet hy 'n sterk sosiale en openbare belangstelling hê, 'n suiwer oordeel en aanvoeling vir wat reg en verkeerd is en die vermoë om te kan organiseer en administreer.[47]

## B. DIE HOOF EN VOOG (VOORLIGTING) ONDERWYS

Waar voogonderwys juis die grondslag vorm van plaasvervangende ouerskap en geïndividualiseerde en gedifferensieerde onderwys in die Christelike skool, is Potgieter se bevindings oor

---

45) Vgl. p. 302 . Uit die ondersoek blyk dit dat 30,1% van die Transvaalse laerskole nie ouer-onderwyserverenigings het nie. Dit is onbekend hoeveel van die 191 (69,9%) se ouer-onderwysersverenigings nuttige kulturele en ander dienste lewer.
46) Vgl. Psalm 127.
47) Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p. 451.

voogonderwys openbarend. Hy het naamlik 25 onderwerpe gegee wa met hoofdekursusse behandel kan word en wat hoofde in orde van belangrikheid moes aandui. Hoofde van laer- en hoër= skole het Christelike onderwys elfde op die ranglys geplaas, terwyl voogonderwys die minste klem in die oordeel van hoofde ontvang het. Wat voogonderwys betref, skryf hy dit daaraan toe dat dit by Kaaplandse skole onbekend is en dat daar in die ander provinsies geen gevestigde stelsel van voogonderwys bestaan nie.[48)]

Dit is jammer dat 'n stelsel wat ook in volksopvoeding en -verheffing sóveel waarde kan hê, blykbaar so min betekenis in skole het. Hoewel die owerheid se oogmerke met voogonderwys lofwaardig is, is hulle hantering van die saak minder geslaag. Die hele voogstelsel is in die skoot van hoofde gegooi met die opdrag om dit te implementeer. Hoofde van laerskole en onderwyskollges het aanvanklik nie duidelike opdragte oor die implementering ontvang nie.[49)] Dit is aan hoofde se oordeel oorgelaat of rekords i.v.m. voogonderwys oor individuele kinders gehou moet word, of huisbesoek gedoen moet word en of tyd in die laerskool daarvoor afgesonder moet word. Dan is daar ook die naïewe bevinding dat skole eintlik nog maar al die jare voogonderwys gehad het, maar dat dit nou spesifiek beklem= toon word met die oog op gedifferensieerde onderwys. Hoewel voogonderwysers kinders se agtergrond moet ken, en huisbesoek nie verpligtend is nie, is daar geen aanduiding hóé kinders

48) Potgieter, op.cit., p. 300 - 303.
49) Vgl. p. 35 hierbo.

se agtergrond geken moet word nie . Die hele hantering van die voogstelsel skep die indruk dat dit onbelangrik is, dat die opvoedingswaarde só gering is dat dit nog nooit die onderwerp van ŉ hoofdesimposium of oriënteringskursus was nie.

Die Christelike skool kan waarskynlik in diepte en egtheid slegs betekenis kry as die Christelike voogonderwyser en voogstelsel sinvol en wetenskaplik toegepas word. Voogonder=wys wat ŉ integrale deel van die Christelike Opvoedkunde behoort te wees, moet ook die onderwerp van in-diens-opleiding en kursusse wees. Daarmee saam behoort studente grondig prakties en teoreties daarin opgelei te word.

## C. DIE HOOF, DIE OUERS EN DIE GEMEENSKAP

In die Christelike skool met sy Christelike voogonderwysers is ouer-onderwyserkonferensies onontbeerlik; tewens dit is deel van die moderne opvoedingstelsel. Die hoof is in alle opsigte die lewende voorbeeld vir assistente, kinders, ouers en die gemeenskap. Hy is op hoogte van alle aktiwiteite van die skool binne sowel as buite die klaskamer en sien toe dat oral en altyd verantwoordelik gehandel word. Hy is in eerste en laaste instansie altyd verantwoordelik vir enige onreël=matighede, nalatige, ondoeltreffende of onverantwoordelike handelinge in alle skoolaktiwiteite. Omdat hy ook plaas=vervangende ouer is, tree hy op met die gesag van ŉ ouer en behartig hy die belange van die leerlinge soos dit van ŉ regskape ouer verwag word. Hy moet die kinders van die volk

/130.

liefhê en hulle tuis en gelukkig in die skool laat voel. Hy besiel en bemoedig en sorg dat die organisasie van sy skool perspektiewe in hulle lewens open. Hy voer persoonlike onderhoude met ouers, verstrek inligting oor hulle kinders en gee raad en leiding. Hy nooi ouers na boeke-uitstallings en skep geleenthede vir ouers om met onderwysers kennis te maak en te gesels.[50)]

Die hoof behoort egter groter betekenis te gee aan ouer-onderwyserkonferensies. Oueraande en boeke-uitstallings is op hulle beste bloot sosiale byeenkomste waar ouers en onderwysers kennis maak en vanweë die samedromming in lokale bloot oppervlakkig oor kinders kan gesels. Dit het waarde in soverre dit wedersydse belangstelling toon en dat dit tot groter samewerking tussen huis en skool kan lei. Of dit egter tot dieper begrip en kennis van die kind se agtergrond lei, word betwyfel. Dit is ook nie moontlik dat die voog=onderwyser betekenisvolle inligting kan bekom én onthou om oor elke kind aan te teken nie. Die hoof behoort hom te beywer om geskeduleerde, wetenskaplike dog informele same=sprekings tussen onderwysers en ouers te laat plaasvind. Só kan hy beslag gee aan gedifferensieerde en geïndividuali=seerde opvoeding en onderwys d.m.v. die voogstelsel.

Die hoof moet ook gereeld d.m.v. praatjies, toesprake en nuusbriewe ouers inlig oor verskillende opvoedkundige en ander probleme. Dit is wenslik dat hy van ander hoofde of opvoedkundiges se hulp gebruik maak. Ouers behoort ook tot

---

50) Potgieter, op. cit., p. 254 en 257 - 259. Vgl. ook: Van Loggerenberg en Jooste, op.cit., p. 445 - 448; Kruger en Krause, op.cit., p. 404.

openbare gesprekvoering by sulke byeenkomste uitgelok te word.

Die hoof se rol is en sal in toenemende mate dié van opvoedkundige vernuwer, primêre aktiveerder van die gemeenskap en van verskillende onderwyser-, ouer- en leerlingaksiegroepe wees. Hierdie verandering in rol=verdeling sal 'n ander opleiding van die hoof noodsaak. Hy sal nie net meer sensitief teenoor mense moet wees nie maar ook begaafder as gemeenskapswerker.[51)]

Wetenskaplike onderhoudvoering met ouers moet ook 'n onderdeel wees van onderwysersopleiding en van in-diens-opleiding van onderwysers.

## D. DIE HOOF EN SY PERSONEEL

Die hoof as gelowige Christen wat 'n heldere begrip van die roeping van die mens het en sy professionele leierskap vanuit roepingsperspektief betrag en beoefen, sal sy personeel help om 'n Christelike visie op die onderrig van al die vakke in die skool te kry. Hulle moet gehelp word om in die praktyk 'n duidelike begrip van die onmiddellike en die uiteindelike doeleindes van die Christelike onderwys te kry. Die verantwoordelikheid tot diensbaarheid in die koninkryk van God moet deurgaans beklemtoon word.[52)]

---

51) Casavis, op. cit., p. 216. Vgl. ook: Potgieter, op. cit., p. 260.

52) Potgieter, op. cit., p. 246 - 248.

Die hoof gee besondere aandag aan in-diens-opleiding van jong onderwysers. Hy bespreek met hulle die skoolbeleid, doelstellings en verhoudings met volwassenes en kinders en moontlike misverstande word uit die weg geruim. Hy beywer hom ook om by die onderwyser en ouer die waarde van hulle vennootskap in die opvoeding van kinders tuis te bring. T.o.v. alle onderwysers bring die hoof altyd besondere begaafdhede en ervaring onder ouers se aandag. Dit stimuleer vertroue.[53)]

## E. DIE HOOF EN SY EIE ONTWIKKELING

Die hoof en sy personeel moet bewus wees van veranderinge in die Opvoedkunde, die opvoeding en die onderwys en moet in pas wees met veranderende tye.[54)]

## F. DIE HOOF EN SY VERPLIGTINGE

Daar is geen pogings aangewend om al die hoof se pligte en verpligtinge aan te dui nie. Indien die hoof reg wil laat geskied aan sy eie ontwikkeling en dié van sy personeel, en indien hy sinvol uitvoering aan voogonderwys en ouer-onderwyser=samesprekings wil gee en 'n beduidende rol in die opvoeding en onderwys van die Christelike skool en gemeenskap wil vervul, sal die organisasie en personeelvoorsiening aandag moet geniet.

---

53) Casavis, op. cit., p. 85 - 91.
54) Ibid., p. 127.

Elke hoof delegeer sekere pligte en verantwoordelikhede, hoewel hy steeds vir alles verantwoordelikheid aanvaar. Daar is egter talle administratiewe take, personeelaangeleenthede, korrespondensie, onderhandelinge en onderhoude met ouers, met die skoolraad, die departement, sielkundiges, kliniese dienste, ouerliggame, kontrole, ens. wat nie sonder meer gedelegeer kan word nie. Dit gebeur dikwels dat hoofde as gevolg van hierdie verpligtinge vir weke in hulle kantore vasgevang is en dat daar van hulle taak as professionele leiers dan minder tereg kom. As professionele leier sal hy meer aandag aan klasbesoek en die ontwikkeling en doelbewuste motivering van personeel in die Christelike skool, aan studie, voogonderwys, ouer-onderwysersamesprekings, die motivering van ouers, ens. kan gee, mits sy laste enigsins verlig word. Sy laste kan verlig word deur addisionele administratiewe poste by skole te skep, wat deur diensdoende onderwysers gevul moet word. Dit moet bevorderingsposte wees en kan 'n vise-, adjunk- of administratiewe hoof wees.[55] Met die instelling van so 'n administratiewe pos móét ander personeel nog steeds die geleentheid geniet om administratiewe ervaring op te doen. Dit moet 'n uiters verantwoordelike pos wees en daar sal noue samewerking tussen die administratiewe hoof (vise-hoof) en die hoof wees. Hy sal in beheer van die administratiewe personeel wees en sal alles doen, reël en organiseer t.o.v. voorrade, meubels en toebehore, korrespondensie, mediese inspeksies, roosters, reëlings vir ouerbyeenkomste, onderhoude, sportbyeenkomste, ens. Baie tydrowende takies wat deur klasonderwysers verrig moet word,

55) Na bewering het slegs 20% van die onderwysers in laerskole en 40% van die onderwysers in hoërskole die geleentheid om eendag bevorderingsposte te beklee.

kan ook uitgeskakel word en hulle kan doeltreffender às voogde optree. Die hoof sal egter steeds volle verant= woordelikheid aanvaar.

Die gevaar bestaan wesenlik dat hoofde oorlaai word met minder belangrike take en belangrike opvoedingsverantwoorde= likhede kan tot groot nadeel van die kind en die voortbestaan van sy volk skade ly.

## IV. DIE VOOGONDERWYSER EN SY ROEPING

'n Skool bestaan uit lokale, meubels, al die toebehore, 'n hoof, onderwysers en kinders wat volgens bepaalde reëls en 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing funksioneer. Die hoof kan uiters doeltreffend wees en voortreflike leiding aan sy personeel en leerlinge gee, maar die ware en blywende opvoeding en vorming van die kind vind in die klaskamer plaas.

### A. DIE ONDERWYSER AS DENKER OOR DIE OPVOEDING

Baie onderwysers dink gewoonlik dat, as hulle klaar "afgestudeer" het, hulle nou nie meer nodig het om verder oor die opvoeding te dink nie.[56] Die onderwyser moet homself voortdurend beter toerus vir sy taak deur verdere studie.[57] Hulle moet studente en denkers in die opvoeding wees.

56) Landman en Kilian, op. cit., p.92.

57) Kotzee, A.L. T.O. kry 'n pluimpie. Mondstuk, 2(3): 1, September 1973. Vgl. ook: Redaksioneel. Oplossing met 'n probleem? Mondstuk, 2(3):2, September 1973; Kruger en Krause, op. cit., p. 386.

Ernstige aandag behoort deur universiteite verleen te word om op een of ander wyse erkenning te verleen aan opleiding wat reeds by 'n kollege of universiteit op diplomavlak ondergaan is.[58]

B. ROEPINGSBEWUSTHEID VAN DIE ONDERWYSER

Die geneesheer wat in kindersiektes spesialiseer, ondersoek die kind en gee aan die ouer verslag van die siekte en beveel behandeling aan. Die sielkundige sal die kind en ouers ondervra, sy toetse en afleidings maak en voorskrifte gee van hoe die kind gehelp kan word. Sover dit die onderwyser aangaan mag hy skynbaar nie as opvoedingsdeskundige bekend staan nie. Hy is skynbaar onbevoeg om aan ouers raad te gee. 'n Mens kry soms die indruk dat elke ouer, omdat hulle 'n kind of kinders het, vanselfsprekend alles van kinderopvoeding weet. Die onderwyser, ten spyte van sy opleiding, weet dan niks hiervan nie. Hy is net 'n onderwyser wat onderwys. Dit lyk ook soms of daar van hom niks méér verwag word as om te onderwys nie. Miskien is dit nog waar ook dat dit al is wat baie onderwysers kan doen; daarom dat so baie slegs tussen slim, lui en dom kinders kan onderskei. Die "slimmes" ontvang goedkeurende aandag, terwyl die "dommes" aandag ontvang wat wissel tussen remediëring en strafmaatreëls - wettig en onwettig - terwyl die massa kinders tussen hierdie twee pole "goeie" kinders is; hulle werk, gedrag en vordering is bevredigend. Maar van hulle individuele probleme,

---

58) Redaksioneel: Die onderwyser en sy kwalifikasies. Onderwysblad, 842(LXXX): 3, Januarie 1973.

bekwaamhede en moontlike begaafdhede weet voogonderwysers weinig. Die roepingsbewuste voogonderwyser as plaasvervangende ouer se taak is nie bloot t.o.v. die sogenaamde slim kind of dom kind nie, maar t.o.v. élke kind.

Dit maak ook ŉ groot verskil in ŉ klas of die onderwyser ŉ positiewe of negatiewe instelling teenoor sy beroep ontwikkel het. Is hy onverskillig, nonchalant, ontevrede en sinies, skimp hy op sy werk en sy leerlinge, gaan daar weinig opbouende krag van hom uit. Hy kan sy beroep ook anders sien en ondanks die sleur en roetine en neerdrukkende invloede wat soms eie aan die skool is, ŉ idealistiese visie ontwikkel. Die depresiasie van die onderwyser se aansien in die gemeenskap kan veroorsaak word juis deur sy negatiewe houding.[59)]

Opvoeding in die skool sonder die onderwyser is dood. Hy is die lewende verpersoonliking van die opvoeding. Hy is die lig wat vir die kinders op ŉ staander geplaas word en as sodanig moet hy die afglansing wees van DIE LIG wat sy hele Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing deurdrenk.

Die belangrikste status wat hy besit, is dié van plaasvervangende ouerskap wat aan hom sy ereplek in die samelewing gee. "Sy roeping word geheilig, hy word beklee met die gesag van die ouer, maar neem ook die verantwoordelikheid van die ouer oor om die kinders op te voed vir die Koninkryk van God. Hierin is sy roeping geheilig. Die geestelike status van die onderwyser is dat hy ŉ beroepsopvoeder is wat behoort tot ŉ

---

59) Stellwag, H.W.F. De leraar en zijn klas, p. 61 - 62.

geleerde en geëerde professie."[60]

## C. DIE ONDERWYSER SE LEWENS- EN WêRELDBESKOUING

Die onderwyser as voogonderwyser en plaasvervangende ouer se voorbeeld is die magtigste opvoedingsmiddel wat daar is.

Op watter terrein hy ook al beweeg - skool, openbaar, privaat - hy bly altyd onderwyser. Hy moet voortdurend nougeset op sy woorde en dade let. Dit is vir kinders nie soseer van belang wat hy sê nie, maar wat hy is. Hy moet die beste doelwitte van sy volk prakties nastreef sodat die kinders dit sal wil navolg. Hy dra die verantwoordelikheid om die kulturele erfenis oor te dra. Omdat hy plaasvervangende ouer en vóóg is, dra hy die verantwoordelikheid in die Christelike skool en gemeenskap om die kinders op te voed en te bring tot kennis van God en dit te doen in die lig van die doopbelofte.[61]

## D. VERSKILLENDE VERHOUDINGE VAN DIE ONDERWYSER

Die onderwyser se verhoudinge tot sy hoof, sy kollegas, die kinders, ouers en omgewing bepaal ook in 'n groot mate sy sukses of sy mislukking as opvoeder en voog in die Christelike skool.

---

60) Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p. 412 - 414.

61) Kruger en Krause, op. cit., p. 36 - 37. Vgl. ook: Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p. 415 - 417; Lohman, op. cit., p. 2 - 3.

/138.

1. Sy verhouding tot die hoof

Die assistent is aan die hoof volkome lojaliteit verskuldig. Alleen hy wat geleer het om lojaal, onderdanig en gehoorsaam te wees, sal self kan regeer. Die onderwyser wat gesagsge=hoorsaam is, voer maar net die Wil van God uit.[62]

2. Sy verhouding tot kollegas

Verskillende onderwysers het oor 'n lang tydperk met dieselfde kind te doen. Elkeen het ten doel om van die één kind één harmoniese persoonlikheid te maak. Daarom is dit so nood=saaklik dat skriftelike gegewens oor elke kind met die voogstelsel, van die gr. i - na die gr. ii- en tot by die st. 5-onderwyser, sal gaan. Die onderwyser van gr. ii af het meteens talle besonderhede van 'n kind en dit vergemaklik sy eie waarneming en hulpverlening. Ook t.o.v. sy kollegas is hartlike en opregte samewerking en lojaliteit dus 'n absolute vereiste en moet hy alles in sy vermoë doen om samewerking moontlik te maak.

3. Sy verhouding tot kinders

"Wie nie die opvoedingsverantwoordelikheid as 'n opdrag met volle oorgawe, toewyding en blymoedigheid aanvaar nie, kan nie die kind ontmoet nie, eenvoudig omdat hy die kind nie aanvaar nie... In die ontmoeting van persoon met persoon kry ons die edelste opvoedingsituasie as die opvoeder die gesag van die grootste Opvoeder, Jesus Christus, aanvaar het."[63]

---

62) Kruger en Krause, op. cit., p. 386. Vgl. ook: Van Loggerenberg en Jooste, op.cit., p. 436.

63) Jooste, op. cit., p. 27.

Omdat die onderwyser se gesagsverhouding ook ŉ liefdes- en vertrouensverhouding is, dra hy al die aspekte van die kind se welsyn op die hart: sy werk, sy spel en sy huislike omstandighede. Hy staan in dieselfde verhouding tot die kind as wat Jesus tot sy volgelinge staan: liefdevol, toeganklik en begrypend ten opsigte van hulle behoeftes en tekortkominge, maar ook waarskuwend, berispend en lerend. Dit gaan nie om eie belang nie maar tot beswil van die kinders en tot verheerliking van die hemelse Vader.[64)] Sy gedrag moet daarom altyd so wees dat die kinders hulle agting vir hom kan behou. In sy verhouding tot die kinders moet hy in die moeilikste omstandighede verstandig optree, en altyd kalm, regverdig en selfbeheersd wees.[65)]

4. Sy verhouding tot die ouers en die gemeenskap

Elke onderwyser moet na goeie samewerking met die ouers strewe. Die inisiatief moet van die onderwyser kom. Hy sal groter sukses in sy opvoeding en onderwys hê en ook groter begrip van die kind as hy die gesinsmilieu ken. Daar is vandag soveel ontwrigte kinders wat vanweë werkende moeders, gebroke gesinne en ander faktore emosioneel ontwrig en gespanne is. Die onderwyser se bydrae tot die voorkoming van psigiese verstorings by die kind hang in ŉ belangrike mate af van sy kennis van die gesin waarin die kind opgroei. Dit is vir hom waardevol om te weet wat die gesinsverhoudinge is, hulle opvattinge oor godsdiens, gesag, geld en goed, die

---

64) Van Loggerenberg en Jooste, op.cit., p. 436.
65) Kruger en Krause, op. cit., p. 386.

/140.

die naaste en die vreemde. Hier vind hy die spanninge en konflikte van die kindergemoed en moet hy dit probeer voorkom. Sommige onderwysers strewe via eenvormigheid en standaardisering na die vorming van modelleerlinge i.p.v. na die vorming van selfwerksame leerlinge wat verantwoordelikhede kan dra.[66] Die onderwyser moet dus individualiseer en volhardend na samewerking en samesprekings met ouers strewe.

Dit is ook noodsaaklik dat die onderwyser 'n goeie verhouding tussen hom en die gemeenskap bewerkstellig. Terwyl hy daarna strewe om die gemeenskap tot sy peil op te hef, moet hy terselfdertyd daarteen waak dat hy nie afgetrek word na die kleinlikhede en gebreke van die gemeenskap nie. Die opheffing geskied deur 'n proses van geleidelike beïnvloeding. Maar sy persoonlike gedrag t.o.v. kleredrag, vriende, handelinge, deelname aan kerklike, kulturele en sosiale aktiwiteite moet van 'n hoë standaard wees omdat die gemeenskap hom dophou en hy maklik aanstoot kan gee. Sy privaatlewe moet egtheid weerspieël en in ooreenstemming wees met die waardes wat hy aan sy leerlinge voorhou. Ook op politieke gebied en t.o.v. groot en algemene volksvraagstukke toon hy lewendige en diepgaande belangstelling. Sy optrede moet hervormend wees en hy moet sy invloed laat geld deur op komitees en rade te dien. Hy mag hom nooit terugtrek binne sy enge skool=kringetjie nie.[67]

---

66) Rienstra, op. cit., p. 162 - 167.

67) Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p. 439 - 443. Vgl. ook: Kruger en Krause, op. cit., p. 44 - 45.

## V. DIE TAAK VAN DIE VOOGONDERWYSER GESIEN TEEN DIE VERHOUDING KIND, HUIS EN SKOOL

Hoewel die huis en skool elk sy eie taak en roeping t.o.v. die Christelike opvoeding van die kind het, bly die huis die primêre opvoeder van die kind en speel die skool ŉ aanvullende rol. Dit is nie moontlik vir die ouer om die kind se intellektuele vorming doeltreffend te behartig nie, maar omdat opvoeding en onderwys méér is as bloot intellek=tuele vorming, het die skool die rol van plaasvervangende ouer gedurende skoolure. Die onderwysers het vandag ŉ groter rol as voogde van kinders en as voorligters aan ouers.

### A. DIE GEMIS VAN DIE VADERFIGUUR

In die moderne geïndustrialiseerde maatskappy het die ou patriargale vaderfiguur byna heeltemal verdwyn. Die vader is nie langer die sentrale figuur, die gesagsdraer wat norme voorskryf en handhaaf nie. Daar is enersyds die "vermiste vader" of "vaderloosheid" vanweë egskeiding of afsterwe maar andersyds ook deur drukke werksaamhede, on=verskilligheid, ens.[68)]

Die vader behoort belang te stel in die klein besonderheidjies van die baba-dae af. As die vader en moeder ŉ gesonde verhouding het, is die lewe van die kind makliker en voel hy veilig. Gedurende die vroeë kinderdae wanneer indrukke so helder is, is dit tyd vir ŉ klein seuntjie of dogtertjie om die vader beter te leer ken. Die vader moet vir die jong

---

68) Rienstra, op. cit., p. 158. Rienstra praat ook van die devaluasieproses waaraan die vader blootgestel is.

/142.

kinders lewendig wees en lewendig bly. Ongelukkig versaak vele vaders hulle verantwoordelikhede en laat die gesins=verpligtinge aan die moeders oor. Die vader trek hom terug en word ŉ minder aktiewe deelgenoot in gesinsbesluite. Die tradisioneel manlike rol wat vir die seun se identifikasie so belangrik is, moet hy elders kry. Die verdwyning van die vaderfiguur kom prakties daarop neer dat die voogonder=wyser elke kind as ŉ unieke wese moet beskou. Die onderwyser moet probeer vergoed vir dit wat die kind by die huis ontbeer.[69)] Maar selfs by die skool is die moeder meesal die onderhandelaar.[70)] Vaders moet bewustelik besin om hulle pligte in die opvoeding na te kom. Rienstra beskuldig die vader van gemaksug deur hom van skoolaangeleenthede te onttrek. Hy moet egte belangstelling in die kind, sy skool=werk en skool toon.[71)]

In die laerskool waar die getal mans steeds minder word, kry seuns nog minder geleentheid om hulle met ŉ man te identifiseer. Die manlike voogonderwyser het dus die tweeledige taak om as ŉ waardige vaderfiguur op te tree, maar ook om met samesprekings die vader op sy regmatige rol te wys.

---

69) Winnicott, D.W. The child and the family, p. 81-84. Vgl. ook: Casavis, op. cit., p. 17; Meyer, C.J. Die leermoeilike kind. Mondstuk, 2(3):5, September 1973; Wolf, Anna W.M. en Dawson, Margeret C. What makes a good home? p. 9.

70) Casavis, op. cit., p. 140. Vgl. ook: Rienstra, op. cit., p. 161.

71) Rienstra, op. cit., p. 158 - 161.

## B. DIE TAAK VAN DIE MOEDER

Die baba wat uiteindelik tot 'n gesonde, onafhanklike en sosiaalaangepaste volwasse individu moet ontwikkel, het 'n goeie begin hierin deur die liefdesband tussen moeder en baba. Die moeder het egter 'n uiters moeilike taak, veral omdat die vader haar nie volkome onderskraag nie. Sy moet nie alleen die kinders fisies versorg en beskerm nie, maar hulle ook geestelik en intellektueel versorg. Cilna van Wijk is van oordeel dat die moeder bv. tyd moet inruim om artikels in dagblaaie en tydskrifte te lees, na vrouerubrieke te luister en om diepsinnige gesprekke met die buurvrou en haar man te voer. Sy moet ook op verant=woorde wyse met haar kinders praat oor godsdiens, dwelm=middels, drankmisbruik, lewensin en -waardes, ens.[72] Sy praat hier van die meer "opgevoede" of intellektuele vrou, die vrou wat waarskynlik ook nie uitwerk nie. Baie moeders is moontlik nie intellektuele vroue nie en het dan ook die dubbele las van broodwinner en opvoeder. Ná 'n dag se arbeid het sy 'n volledige taak saans by die huis met die versorging en opvoeding van haar kinders. Hoe moeilik dit ook al vir die werkende moeder is, is dit nog noodsaaklik vir háár en haar man om hulle kennis sinvol d.m.v. dagblaaie, tydskrifte en boeke te verbreed en te bespreek.[73] Die ideale geleentheid om saam met hulle

---

72) Van Wijk, Cilna. Die taak van die universiteit t.o.v. die vrou. Aambeeld , 1(2):4, Julie 1973. Vgl. ook: Winnicott, op. cit., p. 5 en 38.

73) Vgl. p. 54 - 56 hierbo oor die lees van dagblaaie en tydskrifte deur vroue en mans.

kinders te verkeer is saans na huisgodsdiens. Die voogonderwyser het dus ook hier ŉ taak om die moeder te bemoedig en te lei.

C. FAKTORE WAT BYDRA TOT DIE "GOEIE" HUIS EN GESAG IN DIE GESIN

Die goeie huis sal gekenmerk word deur ŉ atmosfeer van warmte, van liefde en van begrip. Die gesproke en on= gesproke taal van die ouers, en hulle gedrag teenoor mekaar en teenoor hulle kinders, skep saam die atmosfeer in die huis. Aanhoudende argumente of rusies tussen ouers verwek spanning, vrees en onveiligheid by kinders. Nie net die baba nie, maar ook groter kinders verlang werklike aandag van die moeder, vader en ander volwassenes. Dit beteken dat ouers méér moet doen as om net met ŉ halwe oor na wat ŉ kind sê of probeer sê, te luister. As die kind naderhand voel dat sy ouers te besig is om in hom of sy wêreld belang te stel, is dit feitlik seker dat hy ontevrede sal wees en is dit waarskynlik dat hy dit sal toon deur moedswillig te wees. Ouers wat saam met hulle kinders pret maak, saam lag en ontspanne is, bring veilige en tevrede kinders mee. Die goeie huis is ook deel van die gemeenskap, maak bydraes tot die gemeenskap en het belangrike verhoudinge met ander gesinne, individue en groepe. Daardeur word die kinders ook goeie bure en burgers. Wanneer die kind eers in die skool is, moet vriendelike verhoudinge tussen die ouers, die onderwysers en die hoof bestaan. Ouers kan op verskillende maniere hulle belangstelling in die skool toon deur bv. die

/145.

die ouer-onderwyservereniging te steun, deur samesprekings met onderwysers te hê, deur te luister na wat die kind van die skool sê, uit te vind waar hy hulp nodig het en te besluit wie dit die beste kan gee. Die goeie huis sal ook gekenmerk word deur die ouers se deelname aan kerklike aktiwiteite, daaglikse geleenthede vir aanbidding en nuttige diens. Dit gee 'n begrip van "behoort aan" en doelbewustheid buite die huis. Kinders neig om soos hulle ouers te wees. 'n Ernstige breuk tussen ouers is vir die kind 'n bedreiging. As 'n kind een van die ouers verloor en daar is nie 'n stiefvader of -moeder om die leë plek in te neem nie, is hy gelukkig om 'n onderwyser te hê wat in hom geïnteresseerd is. Die onderwyser dien as ouerfiguur op wie hy sy eie visioen van homself as volwassene kan bou. In die goeie huis sal ouers hulle kinders as kinders aanvaar en hulle kindwees geniet. Hulle besef dat kinders vryheid nodig het om hulleself te wees en spontaan te kan uitdruk. As die kind gedomineer word, ondersoek hy nie sy wêreld nie, het nie hulp nodig nie en is opvoeding ongegrond en onbeduidend. Die kind wil ook iemand wees; dan kan hy opgevoed word en is daar plek vir gehoorsaamheid. Ouers weet ook dat kinders 'n duidelike idee van wat aanvaarbaar en onaanvaarbare gedrag is, geleer moet word. Die balans tussen hierdie twee beginsels bring verstandige dissipline mee. Daarsonder sal kinders onveilig, verwar en ongelukkig voel. As kinders verstandige en liefdevolle leiding en beheer ontvang, is hulle beter in staat om ooreenkomstig hulle eie gewetens te handel en om geleidelik

selfdissipline aan te leer.[74)]

Die permissiewe gees wat so dikwels by baie ouers heers, wek eintlik onveiligheid en bring verwarring en ongelukkig= heid by kinders mee. God is ŉ God van vrede en nie van wanorde nie. Waar daar dus wanorde is en geen erkenning van gesag nie, sal daar ook nie vrede wees nie. Die ouers is deur God daar gestel om die goeie orde in die huis te handhaaf. Waar gesag dan ook uitgeoefen word, daar voel die kinders veilig. Die huisgesin, as siel van die volk bring ook waar orde en vrede heers, orde en vrede in ŉ volk mee. Die kind wat geleer het om in sy huis gesag te erken, sal dit ook buite die gesin aanvaar en na gesag verlang. Dit is noodsaaklik dat voogonderwysers, ook as gesagsdraers, dit weet en met besprekings aan ouers kan oordra.[75)]

## D. DIE VRAAGSTUK VAN TUG OP SKOOL

Die voogonderwyser, net soos die ouer, se hoofdoel met tug is dat die kind moet leer om hom in gehoorsaamheid te onderwerp aan die Wet en die verordeninge van God. Die opvoeder moet elke dag ervaar dat die sin van die Wet liefde is, ook liefde van God tot die individuele kind. Daarom is elke tugtiging as sodanig slegs dan geoorloof wanneer die kind in die tugtiging die liefde beleef van hom wat tug. Elke straf of

---

74) Wolf en Dawson, op. cit., p. 5 - 30. Vgl. ook: Wall, op. cit., p. 4 - 7; Sonnekus, M.C.H. <u>Die Transvaler</u>, p. 8, 19 Maart 1974.

75) Terblanche, T.J. Die implikasies van ŉ wetenskap= beskouing ..., p. 60 - 62.

kastyding wat in drif, of elke berisping omdat dit die opvoeder hinder en uit selfhandhawing plaasvind, is aweregs en geen Christelike tugoefening nie.[76] By die tugtiging moet die beroep nie allereers op die pligsbesef van die kind wees nie, maar is die eerste beroep op die heiligheid van die eise van God, 'n beroep op die liefde van Christus, 'n beroep op die eis tot wederliefde, 'n beroep op die gewete van die kind en op die wedergebore kind. Wanneer die kind gestraf word, moet die opvoeder deeglik rekening hou met die vraag hóé en wát is die kind. Tuguitoefening beteken onder meer wat vir die kind nuttig is om hom tot selftugtiging te bring omdat hy 'n religieuse wese is.[77] Word daar werklik ernstig in die Christelike skool oor orde, dissipline en tugmaatreëls besin? Is die tugtiging liefdevol? Word die oorsake vir die oortredings diepgaande ondersoek? Is die tugtiging voorkomend of word daardeur net meer frustrasies en vrees verwek?

## 1. Orde en dissipline

Daar moet tussen orde en dissipline onderskei word. Orde het met die uiterlike omstandighede van die leersituasie te doen. Die onderwyser kan met behulp van die gesag waarmee hy beklee is, die orde handhaaf. Dissipline het egter 'n dieper konsepsie en het met die innerlike van die

---

76) Waterink, op. cit., p. 67 - 69. Vgl. ook: Nel, B.F. Pedagogiese verwaarlosing, p. 36 - 37.

77) Waterink, op. cit., p. 79 - 85. Vgl. ook: Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p. 1 - 2.

mens te doen. Die uiterlike handeling moet dus 'n innerlike gesindheid openbaar, m.a.w. die kind moet tot selfdissipline en selfbeheersing gelei word.[78)]

2. <u>Dissipline en gesag by die ouerhuis</u>

Die tydsgewrig waarin ons lewe, word gekenmerk deur die aantasting en aftakeling van die gesagstruktuur in die ouerhuis. In S.A. is die meeste Afrikaanse ouers tevrede met die streng orde wat by skole toegepas word. Waar daar wel verset van leerlingkant kom, het die probleem sy oorsprong in die ouerhuis. Mnr. Cecil Clement, president van S.A.T.A., is van oordeel dat fisieke geweld, wat ook sy kop in laerskole gaan uitsteek, een van die gevare is waarmee onder=wysers nog in hierdie dekade te doen gaan kry. Een van die redes hiervoor is dat ouers die skole en die onderwysers se gesag afbreek omdat hulle te veel mag aan die kind wil gee. Ouers van dié huise verwag dat die onderwysers die kinders moet opvoed en dan leer.[79)] Dit is nodig dat ouers die onderwysers in hierdie grootste opvoedkundige taak, nl. om by die kind 'n sin van orde en dissipline aan te leer, moet bystaan en steun, en nié die beeld van die onderwyser en sy gesagsbeslissings by die huis aftakel nie. Dit beteken egter ook dat die onderwyser sy gesagsuitoefening reg toepas. Dit vereis dat die onderwyser self ordelik gedissiplineer is en dat hy nooit kinders in die naam van gesag belaglik en

---

78) Van Loggerenberg en Jooste, op. cit., p. 488.

79) Redaksioneel. Leerling betogings voor die deur? <u>Mondstuk</u>, 1(2): 1, Augustus 1972 en Redaksioneel. Dissipline en tugprobleme. <u>Mondstuk</u>, 1(2):2, Augustus 1972.

bespotlik sal maak nie, of dat hy onredelik en ongenaakbaar optree nie.[80] Baie kinders doen goed op skool en solank hulle by die skool is, omdat hulle 'n basies, outoritêre "goeie" onderwyser het. Maar omdat hulle goed geleer dog swak is, misluk hulle wanneer die "onderwys" verwyder word.[81] Dikwels word die kind in die skool net "geleer"- dit is dril, afrig, vrae "spot" i.p.v. om die kind te leer hoe om te leer. Ouer-onderwysersamesprekings kan wedersyds vrugbaar op mekaar inwerk. Dit skyn byna of die een blinde die ander blinde moet lei t.o.v. orde, dissipline, opvoeding en onderwys.

3. <u>Besinning oor die toepassing van straf</u>

In watter mate probeer die voogonderwyser die aanleidende oorsaak tot oortreding of wangedrag bepaal? Word dit altyd in gedagte gehou dat slegs die stabiele kind straf kan aanvaar? Met die geïndividualiseerde en voogonderwysstelsel behoort aanvaar te kan word dat elke onderwyser hierop positief behoort te antwoord. Een van die grootste take van die klasonderwyser in die Christelike skool is om vir orde te sorg wat tot selfdissipline lei. Die kinders moet leer om die ordentlike, die verstandige, die toepaslike en die regte dinge te doen. Die onderwyser moet werk om die kinders só op te voed dat hulle die korrekte dinge sal doen selfs wanneer niemand hulle opdragte gee nie.

80) Redaksioneel. <u>Die Transvaler</u>, p. 10, 5 Desember 1973, n.a.v. 'n toespraak oor die noodsaaklikheid van dissipline by skole.

81) Wall, op. cit., p. 18.

Wanneer dissipline swak is, het iets êrens misluk - by die huis, skool, kerk of gemeenskap. 'n Mens kan daarvan seker wees dat die kind ongelukkig is. "When discipline is weak, you can be positive : Everybody is in danger.[82] Wanneer 'n kind hom dus swak gedra en gestraf moet word, is dit noodsaaklik dat die onderwyser aan die volgende sal dink. Eerstens, as die kind nie weet nie of nie heeltemal verstaan nie, moet die onderwyser praat en bespreek en verduidelik; tweedens, as hy dink die gedrag is 'n natuurlike uitvloeisel van die kind se ontwikkelingstadium, moet hy daarmee lewe of dit dan kanaliseer as hy móét; en derdens, as hy dink die kind se onmiddellike omgewing en agtergrond is vir sy swak gedrag verantwoordelik, moet hy die omgewing en moontlik die agtergrond verander en die kind met rus laat.

Die onderwyser moet ook onthou dat straf net soos beloning 'n eerbare onderwysmetode is. Albei is net so modern soos gesels, verduideliking of bespreking. Waar straf pyn gee om die kind te laat onthou, gee beloning genot, ook om die kind te laat onthou.

Straf is egter die ingewikkeldste tegniek. Ongelukkig gee die meeste onderwysers dit sonder om veel aandag daaraan te skenk. Hulle maak staat op 'n bepaalde sóórt straf soos 'n populêre patente medisyne en hoop dat dit feitlik enige probleem sal oplos. In der waarheid is straf uiters moeilik om toepaslik te gee en dit moet nooit onnadenkend gedoen word nie. Daar is eintlik net een geldende en konstante reël:

---

82) Hymes, J.L. Behaviour and misbehaviour, p. 2. - 3.

stel vas wat die oorsaak is en handel ooreenkomstig hierdie oorsaak.[83] Die Christelike voogonderwyser wat sy opvoedingstaak biddend verrig, sal altyd onthou dat die kind sosiaal van geaardheid is, dat hy ook hunker na liefde, na respek en na aanvaarding. Wanneer die kind se gedrag tugmaatreëls regverdig, het die onderwyser ŉ gulde geleent= heid om die oorsaak te bepaal en dit uit die weg te probeer ruim. Hy kan nooit sy rug op so ŉ geleentheid draai nie. Gragey pleit vir dringende vernuwing in die klaskamer= dissipline omdat daar om een of ander rede ŉ jammerlike afwesigheid van skeppende vermoë by die hantering van oortreders voorkom.[84] Het dit nie tyd geword dat die professionele kinderkenner en -opvoeder ook in sy vrye tyd ŉ studie maak van elke kind se handelinge nie? Die Christelike skool eis dit van sy Christelike opvoeders.

## VI. DIE TREFKRAG VAN DIE OMGEWING SE WAARDES EN HOE DIT DIE KIND, OUER EN ONDERWYSER RAAK

### A. INLEIDING

Die tipe huis en die tipe omgewing is die twee magtigste kondisioneringsmagte wat in ŉ groot mate ŉ kind se skool= prestasie en -vordering bepaal en sy algemene lewenskwaliteite en gesindhede bevorder.

Die vraag is: wat is die wisselwerking tussen hierdie twee magte. Hoe ver werk skool en huis saam. In watter mate

---

83) Ibid., p. 60 - 61 en 140. Vgl. ook: Gragey, op. cit., p. 59 - 80.

84) Gragey, op. cit., p. 80.

trek hulle in verskillende rigtings en hoe werk die waardes van die omgewing in op beide die skool en die huis. Dit is nodig dat onderwysers buite die klaskamer tyd bestee om ouers te leer ken. Ouers behoort ook meer en meer by die skool betrek te word, sodat hulle kan besef dat hulle verbintenis van lewensbelang by die hele opvoedingsproses van hulle kinders is en dat hulle nie blote toeskouers en kritici is nie.

Die skool moet vir kinders verstaanbaar wees - dit moet ŉ groter betekenisvolle ervaring vir hulle wees - en dit moet vir ouers ook aantrekliker wees.

Dit word algemeen aanvaar dat die kwaliteit van gesinsorg en ouerlike belangstelling van die beslissende invloede is wat bepaal wat ŉ kind van sy opvoeding en onderwys maak. Deur die instelling van ouer-onderwyserverenigings en samesprekings moet die band tussen skool en huis meer stabiel gemaak word. Maar ook vaders moet meer openlik in die skoollewe ingebring word.

Die skool moet daarna strewe om die kulturele sentrum van die plaaslike gemeenskap te wees. Maar die sleutel tot sukses is altyd die kwaliteit van die onderwysprofessie self. Die gemeenskap moet die onderwyser se werk opnuut evalueer en daaraan die status en waardering gee wat dit werklik verdien en nodig het.[85]

---

85) Mays, J.B. The impact of neighbourhood values, p. 66 - 78.

B. HOUDINGS EN OORTUIGINGS VAN DIE INDIVIDU

ʼn Persoon se houdings en oortuigings is gebaseer op wat hy as feite beskou. Om te verstaan hoe hy sy houdings verkry het, moet mens verstaan hoe hy sy feite verkry het. ʼn Mens kan aanvaar dat die tipiese individu nie voldoende feite uit sy eie ervaring kan verkry om ʼn afdoende gesindheid, mening of oortuiging oor elke probleem wat op sy weg kom, te vorm nie. In baie sake beskik hy nie oor voldoende feite om hom in staat te stel om ʼn intelligente besluit te neem nie. In baie gevalle is ʼn bietjie kennis ʼn gevaarlike ding, want dit lei tot gesindhede en oortuigings wat nie geregverdig is as al die feite bekend is nie. Tog moet almal gereeld menings vorm wanneer slegs enkele feite bekend is. Gevolglik verkry baie mense foutiewe oortuigings en menings en indirek, bevooroordeelde gesindhede.86) As voorbeeld kan dien wanneer ʼn Blanke ʼn Swarte wat met ʼn vuil oorpak van sy werk af kom, sien. Vir die Blanke is alle Swartes - "kaffers" - altyd vuil. Wanneer hy ʼn Blanke met ʼn vuil oorpak van die werk af sien kom, is dit vir hom egter normaal. Vir die skool en die onderwyser is dit derhalwe noodsaaklik om diepgaande kennis van gesindhede en houdinge by ouers en kinders in bepaalde omgewings te hê. Skoolgemeenskappe se gesindhede en houdinge kan aansienlik verskil in die stad, die platteland en die dorp. Dit is wenslik dat opleidingsinrigtings met die opleiding van onderwysers, ernstige aandag hieraan verleen, sodat die onderwyser in sy onderhandelinge met ouers negatiewe gesindhede

86) Morgan, C.T. & King, R.A. Introduction to psychology, p. 601 - 604.

en houdings in positiewe kanale kan lei. Teen hierdie agtergrond moet die gesin en die kind in sy omgewing gesien word.

Morgan en King wys daarop dat gebruike, tradisies, houdings en oortuigings elke individu op verskillende maniere beïnvloed deur sy sosiale groepe, skole, families, ens. In die geheel help kulturele invloede om 'n persoon se gesindhede te vorm. Die kind se ouers is produkte van die kultuur. Hulle gesindhede en oortuigings is deur kultuur beïnvloed en word steeds daardeur beïnvloed. Daarom is dit ook nie verrassend nie, dat die kind se gesindhede en oortuigings neig om met dié van die ouers te korreleer. Hy aanvaar sy ouers se politieke party soos hy hulle godsdiens aanvaar. Dit is ook waar dat ouerlike onverskilligheid t.o.v. godsdiens en politiek verwant is aan onverskilligheid by die kinders oor hierdie sake.[87] Dit skyn dus noodsaaklik te wees dat die Christelike skool neutrale en onverskillige ouers ten goede moet beïnvloed. Terwyl daar in die laerskool, meer as ander onderwysinrigtings, 'n noue band tussen huis en skool bestaan, kan die deskundige onderwyser goeie gesindhede help vorm. Die skool het 'n groot wapen in die hand. Ouers is lief vir hulle kinders. Onderwysers is ook lief vir die kinders. As die onderwyser aan die ouer toon en bewys dat hy van sy kinders hou, kan die ouer naderhand die onderwyser se houdings oor vele sake aanvaar.

---

87) Ibid., p. 595 - 600. Vgl. ook: Hurlock, Elizabeth B. Adolescent development, p. 338.

## C. KINDERS UIT SWAK OMGEWINGS EN ARM HUISE

Kinders uit arm huise mis die meeste van die opvoedkundige geleenthede wat uiteraard beskikbaar is vir die meer gegoede kind, soos die voordele van gesprekvoering, boeke in die huis, vakansiereise, ens. Hierdie kind sal gewoonlik agter raak solank as hy bloot op die skool staat maak vir die bevordering van sy studie. Die onderwyser wat die kind se agtergrond ken, kan daarom meer simpatiek met hom wees, meer gesprekke voer, hom aanmoedig, leesstof gee, ens. Maar dit kan ook ŉ kind uit ŉ welgestelde huis wees waar daar min kontak tussen ouers en kind is en waar die onderwyser ouers se aandag op hierdie tekortkoming kan vestig.[88)]

Skoolbesoek van kinders uit armer huise is dikwels swakker en hulle skoolprestasies word progressief swakker as dié van kinders uit beter huise. In die meeste skole is die organisasie van die skool só dat hierdie verskille nog meer geaksentueer word. Dit gebeur omdat kinders meesal volgens bekwaamheid gegroepeer word en ook omdat primêre skole in bepaalde gebiede opgerig word. Die skool in ŉ arm gebied mag dus neig om ŉ gemiddelde groep leerlinge te hê wie se akademiese motivering laag sal wees, waar die ouerlike entoesiasme ontbreek, en waar die skool en die onderwysers gewoonlik minder entoesiasties is as skole in ryker voorstede.[89]

---

88) Illich, op. cit. p.14.

89) Vaizey, John. Education in the modern world, p. 174.

Die ouerlike gesindheid teenoor opvoeding en onderwys is belangrik. Die kind wie se ouers die skool in sy pogings steun en wie se doel in die breë dieselfde as dié van die onderwysers is, het 'n groot voorsprong bo dié kind wie se ouers nie net onverskillig teenoor onderwys staan nie, maar wat selfs aktief vyandig teenoor onderwys is. Die gesindheid teenoor die skool is innig verbind met die gesindheid teenoor gesag in die algemeen. Dit volg dus dat die rol van die skool om jeugmisdaad te voorkom en om verwerping van gesag teen te werk, opgesluit lê in die bestryding van swak ouerlike gesindhede.

Die oogmerk moet wees om huis en skool saam te bind nog vóór die kind verpligte skoolouderdom bereik en dit moet voortduur totdat hy die skool verlaat. As onderwysers kan besef wat die huislike omstandighede is waaronder baie van hulle leerlinge moet lewe, soos ontoereikende ouers wat onbekwaam of onwillig is om die nodige leiding en liefde te gee, huise sonder fasiliteite vir behoorlike sosiale omgang, geen plek om vriende heen te bring nie; dan sal onderwysers hulle eise temper en hulle benadering tot 'n bepaalde kind wysig.[90)]

---

90) Wiseman, S. Education and environment, p. 116-119. Vgl. ook: Dawson, A. The education welfare officer, p. 150 - 152.

## D. OORSAKE VAN SKOLASTIESE VERTRAGING EN KINDERS MET LEERPROBLEME

In die opvoedkundige sfeer word dit dikwels min of meer as dogma aanvaar dat kinders wat op skool swak presteer en in eksamens misluk, van minderwaardige menslike materiaal is.[91] Tog is daar 'n groot getal kinders met 'n gemiddelde en ook hoë intelligensie wat om bepaalde redes nie leer nie. Hierdie leerprobleme kan deurgaans nie van die kinders se persoonlike probleme geskei word nie.[92]

Dit beklemtoon weer eens hoe noodsaaklik voogonderwys in die laerskool is waar probleme vroegtydig geïdentifiseer en opgelos kan word. Daar is veral drie hooffaktore wat vir skolastiese vertraging en leerprobleme verantwoordelik is en wat altyd deur die voogonderwyser in gedagte gehou moet word, nl. huislike faktore, didaktiese faktore en organiese oorsake.

## VII. VOOGONDERWYS: WAARNEMING VAN KINDERS

Die voogonderwyser as plaasvervangende ouer van die kind is onderhewig aan geweldige eise. Sy taak stel nie alleen aan hom liggaamlike en intellektuele eise nie, maar ook die vermoë tot geduld, offervaardigheid, hulpvaardigheid, aanvoeling en die vermoë om lief te hê en te glo. Hy moet die biddende gelowige wees wat in moeilike omstandighede steeds elke kind sal inspireer en wat nooit die einddoel tydens al sy bemoeienisse uit die oog sal verloor nie. Sy

---

91) Mays, op. cit., p. 77.

92) Sonnekus, M.C. Hantering van opvoedingsprobleme. <u>Onderwysblad</u>, 845(81): 30, Oktober 1973.

/158.

verleende gesag sal hy tot eer van God aanwend. Die wyse waarvolgens hy onderrig, is net so belangrik as die inhoud van die onderrig, en sy voorbeeld is selfs navolgings= waardiger as sy voorskrifte of bevele. Hy sal hom beywer vir 'n gesindheid van wedersydse vertroue en ontvanklikheid tussen hom en sy leerlinge. Om die kind se vertroue te wen moet die voogonderwyser ook in sy persoonlike lewe belangstel. Slegs as hy die kind in die diepste van sy wese ken, kan hy hom werklik opvoed. Hy sal die kind in sy totaliteit sien en opvoed, hom as medemens en as God se kind sien en hom lei na volwassenheid.[93)]

## A. DOELSTELLING IN JUNIOR PRIMêRE ONDERWYS EN IN DIE PRIMêRE SKOOL

### 1. Doelstelling in die junior primêre onderwys

Die doelstelling is om d.m.v. opvoeding die volle potensiaal van elke kind volgens sy ouderdom, aanleg en vermoë te laat ontplooi. Hiervoor behoort elke onderwyseres die rykste ervaring waaroor sy beskik aan te bied. Daar bestaan geen spesifieke taal vir die kleintjies nie en daar behoort ook geen vermindering van ervaring by verstandelik vertraagdes te wees nie.[94)]

### 2. Doelstelling in die primêre skool

Die primêre skool het nie net 'n toekomstaak nie, maar 'n taak vir hier en nou. Dit is nie bloot 'n deurstuurskool

---

93) Kruger en Krause, op. cit., p. 36, 43, 108, 387. Vgl. ook: Stellwag, op.cit., p. 1; Vaizey, op. cit., p. 242.

94) Collins, H.G. Die betekenis en omvang van junior primêre onderwys, p. 1.

of voorbereidingskool nie, maar 'n opvoedingsinrigting in sy eie reg. Nie net die onderrigfondament nie, maar veral ook die geestesonderboufondament moet stewig wees. Die hoofdoel bly opvoeding, m.a.w. steungewing, begeleiding, voorligting, leiding en veral ook voorlewing. Daarom kan die voogonderwyser beskou word as dié akademies-professioneel=geskoolde mens wat 'n groot invloed op die vorming van die kind het. Hy is geroepe om die karakter van seuns en dogters te help vorm en bou.

Vorming tot geestesweerbaarheid is sy daaglikse taak. Maar elke kind word as individu gesien met 'n besondere uniekheid en 'n besondere eenmaligheid. Daarom moet die behoefte en nood van elke kind bepaal word. Kennis van die kind mag nie net gebaseer wees op vae algemeenhede nie, maar moet gegrond wees op 'n indringende studie, op 'n simpatieke beluistering van elke kind oor 'n lang tydperk. Die sukses sal afhang van deeglike voorligting aan kinders en hulle ouers. Hierdie uitdaging en geleentheid is 'n instrument wat kan bydra tot die professionele aansien van die onderwysberoep.[95)]

Om aan hierdie doelstelling te beantwoord sal voog- en voorligtingonderwys in al sy konsekwensies indringende en wetenskaplike aandag moet geniet.

---

95) Janson, J.A. Die taak van die primêre skool. <u>Mondstuk</u>, 2(2): 3 - 5, Augustus 1973.
Vgl. ook: Kruger, H.B. Jeugweerbaarheid. <u>Fokus</u>, 1(1): 63, Mei 1973.

## B. DIE VOOGONDERWYSER EN SY KLAS

Wanneer kinders deur die voogonderwyser waargeneem word, moet die gegewens wat die gevolg van deskundige en betroubare waarneming is, gebruik word vir die opstel van ŉ waarnemings- of observasieverslag. Hierdie gegewens stel die voogonderwyser in staat om die individuele kind te ken en om hom te verstaan. In gevalle kan hierdie gegewens ook nuttig wees vir die sielkundige.

By waarneming van kinders moet die voogonderwyser aandag aan verskillende sake skenk.

### 1. Fasette by waarneming van kinders

#### a. Daar moet sistematies gewerk word

Die voogonderwyser moet met waarneming hom nie laat lei deur toevallige waarnemings nie, maar moet sistematies te werk gaan. As hy die klaskamer binnekom en kind A is aggressief teenoor kind B, kan die onderwyser dink dat A ŉ aggressiewe knaap is. A mag dalk ŉ baie saggeaarde kind wees wat lank reeds deur B getreiter word en hy het uiteindelik met aggressie gereageer.

Die onderwyser moet ook rekening hou met die tyd wanneer ŉ mens waarnemings doen. Aan die einde van die dag is sommige kinders moeg en dus prikkelbaar en humeurig en hulle kan weinig van ander kinders verdra. Hierdie prikkelbare stemming kan ook vóór of ná siektes voorkom, na ŉ mislukking in ŉ les, deur moeilikhede tuis of by dogters in die premenstruele periode.

/161.

Slegs d.m.v. waarneming van ŉ kind se gedrag oor ŉ lang tydperk kan ŉ mens iets oor die aard van die kind leer.

b. <u>Die waarnemer moet objektief bly</u>

Dit is ŉ moeilike taak vir die onderwyser om altyd so objektief moontlik te bly. Sonder dat ŉ mens altyd bewustelik rekenskap daarvan kan gee, sal ŉ mens vir een kind meer simpatie as vir ŉ ander gee. ŉ Mens se oordeel word maklik deur emosionele invloede vertroebel. Daarom kom objektiewe beoordeling nie vanself nie, maar verg dit inspanning.

c. <u>Noukeurige waarneming</u>

Behalwe dat waarneming objektief moet wees, moet dit ook noukeurig wees. Mens moenie met ŉ oppervlakkige oordeel tevrede wees nie, m.a.w. ŉ mens moet leer om gedifferensi=eerd waar te neem en nie tevrede te wees met ŉ algemene indruk nie.

d. <u>Op alle kinders let</u>

Die onderwyser moet op elke kind in die groep let. Ervaring leer dat een kind eenvoudig meer aandag as ŉ ander kind trek. Een kind kom meer op die voorgrond as ŉ ander, skyn meer die belangstelling te trek en probeer die middelpunt van die aandag te wees. Die gevaar bestaan dat die onderwyser te weinig let op die stil, teruggetrokke kinders. Hulle sê nie veel nie en doen niks opvallends nie. Hierdie stilles

/162.

moenie vergeet word nie en hulle moet die aandag wat hulle so nodig het, ontvang.[96)]

e. Moenie te gou gevolgtrekkings maak en dit interpreteer nie

Dis ŉ algemene menslike eienskap om, wanneer ŉ mens ŉ bepaalde gedragswyse waarneem, ŉ oorsaak daarvoor te gee. Die kind wat met groot bravade optree of erg teruggetrokke is, word gou van ŉ minderwaardigheidsgevoel verdink. Die kind wat met lees sukkel en wat woorde verkeerd skryf, word gou van domheid beskuldig. Soms is die interpretasie korrek, soms egter nie. Daarom moet gewaarsku word teen ŉ te vinnige interpretasie. Eers wanneer die onderwyser oor voldoende gegewens beskik, kan hy probeer interpreteer. En dit neem tyd.

f. Kort en duidelike formulering

Die gegewens wat deur die waarneming verkry word, behoort in duidelike en verstaanbare taal in ŉ verslag saamgevat te word.

g. Deur in te gryp word gedrag beïnvloed

Die pedagogiese funksie bring mee dat daar soms ingegryp moet word, bv. wanneer ŉ kind in sy baldadigheid te ver gaan, of ŉ ander kind op so ŉ wyse aanval dat dit gevaarlik kan wees. Deur in te gryp kan mens dus nie verder die

---

96) Vedder, R. Observatie van kinderen, p. 7 - 11.
Vgl. ook: Hurlock, op. cit., p. 341.

spontane verloop waarneem nie. Die nadeel moet maar aanvaar word ten einde ongelukke te voorkom. Een voordeel van waarneming deur die onderwyser self is dat die kinders nie daarvan bewus is dat hulle waargeneem word nie. Dit is nietemin ook belangrik om op te merk hoe die kind in die opvoedingsituasie op bepaalde pedagogiese handelinge reageer.

2. Algemene fasette by waarneming van kinders

Om waar te neem moet die onderwyser weet waarna om te kyk en wat om te registreer, m.a.w. daar moet sisteem in die waarneming wees. Die volgende behoort waargeneem te word: die kind se uiterlike, sy intelligensie, motoriek, wils-, gevoels- en driflewe en sý karakter.

a. Die uiterlike

Deur waarneming van die uiterlike kan die onderwyser enkele dinge leer.

i. Die versorging tuis

ŉ Mens kan iets sê oor die versorging wat die kind tuis ontvang en daardeur miskien iets oor die instel=ling van die moeder t.o.v. die kind. Uit die kleding van die kind sal weinig sorg en belangstelling spreek en ook uit ander kentekens soos ongekamde hare, vuil naels, ongewaste ore. Hieruit kan afgelei word dat die moeder onverskillig teenoor die kind staan. Maar daar is moeders wat van nature slordig en vuil

/164.

is en hulle kinders swak versorg, maar tóg positief teenoor hulle staan. 'n Mens kan wel aanvaar dat hierdie tipe moeder as vormende krag by die opvoeding stellig te kort sal skiet. Daar is ook kinders wat uiterlik keurig daar uitsien, maar wat affektief, verwaarloosde kinders is. Slordige, onversorgde kleding en affektiewe verwaarlosing gaan dus nie altyd saam nie, maar die wyse waarop 'n kind gekleed en versorg word, kan wel iets sê oor die niveau van die moeder.

ii. Die instelling van die kind teenoor homself

Die uiterlike van 'n kind kan ook iets sê van die instelling van die kind t.o.v. homself. Beteken 'n netjiese voorkoms al iets vir 'n kind of raak dit hom nie juis nie? By beoordeling hiervan moet egter op die kind se ouderdom gelet word.[97]

iii. Die liggaamlike toestand

Hoe lyk die kind: blosend en gesond of bleek, pap en vermoeid? Is die kind fors gebou of tenger? Het mens hier met konstitusionele eienskappe te doen, of is dit tydelik van aard? 'n Siektetoestand kan die kind se gedrag ongunstig beïnvloed. Die kind word prikkelbaar, kan niks verdra nie, gooi tou op wanneer hy iets moet doen en presteer swakker op skool.

97) Vedder, op. cit., p. 11 - 15.

b. Die intelligensie

Die onderwyser kan ook buite die klaskamer in die spel=situasie gegewens versamel wat ɲ aanduiding is van die kind se verstandelike moontlikhede. By die spel kan allerhande probleme opduik wat opgelos moet word en uit die wyse waarop ɲ kind dit oplos, leer mens iets van sy intelligensie. By die waarneming van die intellektuele moontlikhede van die kind moet mens altyd oppas dat geheue en intelligensie nie verwar word nie. As ɲ kind ɲ resitasie vinnig leer of iets goed onthou, dui dit iets aan van sy geheue en herinnering maar nie van sy intelligen=sie nie. Intelligensie blyk wanneer ɲ kind voor ɲ nuwe probleem te staan kom en dit oplos; wanneer hy, as hy daarvoor oud genoeg is, blyke gee van insig, van ɲ kritiese sin te hê, goeie oordeel het en logiese gevolgtrekkings kan maak. Juis buite die skool wanneer hy met ander kinders speel, in allerhande lewensituasies, kan hierdie sogenaamde praktiese intelligensie tot uiting kom.

Die mate van intellektuele ontwikkeling word soms in die spraak weerspieël. Wanneer hierdie funksie laat tot ontwikkeling gekom het, lank gebrekkig bly, die woordeskat beperk is, kan dit, mits ander oorsake soos hardhorendheid uitgesluit is, wys op ɲ intellektuele agterstand.

c. Die motoriek

Hier let mens veral op in hoe ɲ mate fyn bewegings beheers en reëlmatig uitgevoer word en in hoe ɲ mate die liggaam soepel en lenig beweeg en met ander in pas bly, bv. in liggaamsoefeninge en gimnastiek.

/166.

i. Die uitdrukkingsmotoriek

Hier is ŉ besondere faset van die motoriek. Hoe is dit met die mimiese uitinge van die kind gesteld? Is die mimiek star, of word weinig uitdrukking vertoon, of is dit lewendig en veelseggend? Hoe kyk die kind die wêreld aan: oop, argeloos, onbevange, met agterdog of vertroue, krities, vreesagtig, slu?

ii. Die spraak

Met waarneming moet ook rekenskap gegee word van hoe die kind praat. Word die woorde goed en duidelik uitgespreek of is die spraak gebroke? Kan hy miskien bepaalde letters nie goed uitspreek nie? Of is daar ander spraakgebreke soos stotter en lispel? Praat hy rustig en beheersd of so vinnig dat hy as't ware oor sy eie woorde struikel? Of is die tempo van spraak opvallend traag?

d. Die wilslewe

By die waarneming van die kind se wilslewe moet mens op sy gedrag let en daaruit aflei of hy tot die uitoefening van ŉ keuse in staat is, m.a.w. of die kind vir homself ŉ doel kan stel, om iets te maak of ŉ speletjie te speel. Blyk dit dat hy ŉ eie wil het of laat hy die omgewing planne maak? ŉ Kind met ŉ swak wil laat hom maklik van buiteprikkels van sy voornemens afsien. Hy mis die krag om "nee" te sê. ŉ Ander faset wat waargeneem kan word, is die kind se deursettingsvermoë.

/167.

Hoe 'n kind se wilslewe is, word die beste by die skool in die spel en in die werksituasie waargeneem. Maar ook in die omgang met ander kinders en in die houding van die kind tot sy opvoeders word 'n bepaalde kant van sy wilslewe openbaar. Daar is kinders wat op jeugdige leeftyd al 'n "willetjie" het waarmee mens wil aandui dat hierdie kinders koppig en onbuigsaam is en hulle wil in alle omstandighede probeer uitoefen. In sulke gevalle is die wil star. Andersyds kan die wil ook te buigsaam wees, sodat die kind hom te veel deur ander laat voorskryf.

e. Die gevoelslewe

Een kind is meer "oop" as 'n ander. Hy openbaar sy gevoelens duideliker en spontaner as die geslote kind wat hom agter 'n "facade" van onbeweeglikheid terugtrek en nie verraai wat in hom aangaan nie.

i. Die grondstemming

Is die kind deurgaans opgewek of maak hy altyd 'n terneer=gedrukte indruk? Is die stemming in die reël konstant, of wissel dit sterk?

ii. Die emosionaliteit

Wek gebeurtenisse of verhale die emosies maklik of nie? Wat is die kind se gevoelens teenoor die onderwyser. Staan hy positief of negatief? Soek die kind aandag of probeer hy aandag ontwyk?

Daar is ook ander gevoelens waarop die onderwyser met sy waarnemings moet let, soos angs. Soms verraai die kind dit op onverbloemde wyse.

Hy moet hom vergewis van die kind se gevoel van sekerheid. Daar is kinders by wie die innerlike sekerheid deur allerlei gebeurtenisse in hulle lewensgeskiedenis ernstig geskok is.

By sommige kinders speel ongenoegsame gevoelens 'n groot rol. Hulle het altyd die gevoel dat hulle nie so goed as ander kan presteer nie. Hulle is spoedig ontmoedig en sodra hulle 'n taak kry wat vir hulle te moeilik voorkom, sê hulle: "Ek kan nie."

f. Die driflewe

Dit is duidelik dat, veral in die lewe van die jong kind, die bevrediging van noodsaaklike behoeftes 'n groot rol speel. By die waarneming moet dan eers die vraag gestel word of daar uit die gedraginge van die kind blyk dat hy erg driftig ingestel is en of hy ongehinderd aan drifmatige verlangens toegee. 'n Mens dink hier aan die gulsige, snoeplustige kind, die aggressiewe kind, ens. Volg die kind sy drifte impulsief, streef hy na onmiddellike lusbevrediging, of is dit merkbaar dat hy die bevrediging kan uitstel en selfs prysgee? [98)]

---

98) Ibid., p. 15 - 24.

g. Die karakter

Die karakter is erg gekompliseerd, en 'n mens kan nie van die onderwyser wat die waarneming doen, verwag dat sy waarneming 'n volledige karakteranalise van die kind sal weergee nie. Vedder noem slegs enkele eienskappe wat suiwer tot die karakter gereken kan word.

i. Is die kind se instelling meer op die buitewêreld of meer op sy eie binnewêreld gerig, m.a.w. is hy ekstrovert of introvert? Die ekstroverte kind stel baie belang wat in sy omgewing gebeur. Hy hou daarvan om met ander kinders te speel en hy soek graag kontak met die wêreld om hom heen. Die introverte kind, daarenteen, het die neiging om tot homself in te keer. Hy maak soms 'n dromerige indruk en hy leef by voorkeur in die wêreld van sy eie fantasie.

ii. Is die kind opvallend egoïsties of vertoon hy ook altruïstiese trekke? Die woord <u>opvallend</u> word gebruik omdat elke kind - moontlik elke volwassene - van nature 'n sekere mate van egoïstiese instelling het. Daar is egter grade van egoïsme en ook in die wêreld van die kind kan daar individue wees wat só egoïsties is dat dit die perke van die normale oorskry.

iii. Is die kind óóp, tree hy die opvoeder onbevange en openhartig tegemoet, of is hy meer geslóte, miskien selfs agterbaks?

/170.

iv. Is die gevoelsopenbaringe eg, of maak dit 'n onegte indruk, m.a.w. het 'n mens die indruk dat die kind homself is, of speel hy 'n rol, gedra hy hom soos 'n klein kommediant?

v. Het die kind die neiging om aandag te trek, dring hy hom op in die belangstelling van kinders of volwassenes, of is hy in die omgang ongedwonge en natuurlik?

vi. Is die kind betroubaar of leuenagtig? In die laaste geval: fantaseer hy spontaan onware verhale om indruk te maak, of lieg hy slegs uit vrees vir straf, dus reaktief?

vii. Gee die kind blyke van wantroue? Is hy onbe= vange en argeloos teenoor sy opvoeders?

viii. Is hy brutaal, grootdoenerig, onbeskof of bedeesd, skugter en verleë?

ix. Het hy 'n hoë of lae frustrasiedrempel?

x. Is die kind toeganklik vir opvoedende invloede, reageer hy normaal op beloning en straf, of het die opvoeder die gevoel dat hy geen "vat" aan die kind het nie?

Uit die gedrag van die kind moet die onderwyser gevolg= trekkings maak oor sy karakter, temperament, gevoelslewe, ens.[99] Dit is van betekenis dat by die waarneming van die

---

99) Ibid., p. 25 - 28.

verskillende gedragswyses voldoende aandag geskenk word aan sy gedraginge in die huisgesin, op skool, op straat en in die spelsituasie, en dat hierdie handelwyses met mekaar vergelyk word. By die beoordeling van die oorsaak van die gedragsmoeilikhede kan mens uit hierdie gegewens soms baie aflei. Ook stel dit die onderwyser in staat om 'n oordeel te vorm oor die vorm van aanpassing van die kind, of dit beskou moet word as 'n uiterlike of 'n innerlike aanpassing. Die uiterlike of skynaanpassing is die produk van dressuur, m.a.w. die kind gedra hom op skool volgens die vasgestelde reëls uit vrees vir straf. Dat daar egter van 'n innerlike aanvaarding van hierdie reëls geen sprake is nie, sien mens wanneer die kind nie in die dressuursituasie verkeer nie, maar in 'n ander situasie waar hy sy ware innerlike instelling kan openbaar. Dan kom die onegte aard van sy aanpassing aan die lig.[100)]

3. <u>Die kind in die groepsituasie</u>

a. <u>Sy gedrag t.o.v. ander kinders</u>

Een van die belangrikste onderdele van waarneming is die vasstelling hoe die kind hom teenoor ander kinders gedra. Dit word die beste waargeneem by die kind in groepsverband.

i. <u>Dominerende gedrag</u>

Van dominerende gedrag word gepraat wanneer dit blyk dat die kind die neiging het om sy wil op ander af te dwing.

---

100) Ibid., p. 29.

ii . Onderwerpte gedrag

By sommige kinders is dit tipies dat hulle hul te maklik onderwerp aan die wil van ander. Hierdie kinders gee in die groepverband min moeite, maar dit wek tog kommer by die opvoeder. Die lewe vra nou eenmaal ŉ sekere mate van weerstandbieding, en dan wonder mens hoe dit met die kind sal gaan as hy eers volwasse is.

iii. Versettende gedrag

Dit is in teenstelling met onderwerpte gedrag. Daar is kinders wat die neiging het om op elke versoek of bevel in eerste instansie "nee" te sê. Hulle is altyd stroomop en koppig. Verset is by hulle tweede natuur. Uit die ontwikkelingpsigologie is dit bekend dat in enkele leeftydsperiodes hierdie gedragsvorme tot die gewone reaksies behoort. Daarvan is die kleuterperiode - koppigheidsfase - en die puberteit goeie voorbeelde. As die kind egter in die rustiger lewenstydperke hierdie tipiese verset vertoon, moet mens wel aanneem dat daar iets skort en probeer uitvind waar die negativistiese gedrag vandaan kom. In sommige gevalle sal dit die gevolg wees van opvoedingsfoute in die verlede waardeur by die kind ŉ versethouding teenoor gesag gekweek is.

iv. <u>Aggressiewe gedrag</u>

Dikwels tree die kind aanvallend op. Dis moontlik dat die kind deur hierdie wyse probeer om sy sin deur te voer, of iets te verkry wat hy nie op ŉ ander wyse kan vermag nie, maar dit kan ook wees dat sy enigste motief is om ŉ ander kind leed te berokken.

v. <u>Afhanklike gedrag</u>

Afhanklike of hulpsoekende gedrag blyk wanneer die kind opvallend dikwels hulp vra van of steun soek by ŉ ander kind of ook by die volwassene. Hierdie soort gedrag word by kinders gevind wat bederf is en daardeur onselfstandig gebly het, of ook by affektiefverwaarloosde kinders wat liefde en aandag soek.

vi. <u>Ondersteunende gedrag</u>

Wanneer ŉ kind duidelik die neiging toon om aan ŉ ander kind wat hulp nodig het, hulp te verleen, word van onder=steunende gedrag gepraat. Dit is moontlik dat ŉ kind hulp nodig het om ŉ bepaalde taak suksesvol af te handel, of om ŉ bepaalde behoefte te bevredig, maar dit is ook moontlik dat die kind verdriet het en troos nodig het.

vii. <u>Ontwykende gedrag</u>

By sommige kinders is dit opvallend dat hulle graag kontak met ander kinders vermy. Daar is verskillende redes hiervoor. Die moontlikheid bestaan dat die kind in sy omgang met andere onaangename ervaringe opgedoen het en dat hy vir aggressiewe optredes bang is. Hy kon ook ervaar het dat hy, om watter rede ook al, nie

/174.

in die groep aanvaar word nie, en dat hy nie meer pogings om aanvaar te word wil onderneem nie. Ewe-eens kan verleentheid en skugterheid die oorsaak wees, terwyl die kind ook van nature erg geïntroveerd is.

viii. <u>Tartende gedrag</u>

Hiermee word bedoel dat die kind 'n baie uitdagende karakter het. Die kind is doelbewus voortdurend daarop uit om ander met sy onaangename en hinderlike optrede te prikkel, sodat die ander met aggressie móét reageer. Die uitdagende gedrag word aangetref by kinders wat ernstig affektief en/of pedagogies verwaarloos is en by wie daardeur geen goeie gevoelsrelasie met ander tot stand kan kom nie.

Daar is ook nog ander gedragsvorme soos soepelheid en starheid. 'n Kenmerk van gesonde gedrag is dat dit soepel is, m.a.w. dit verander na gelang van die situasie. Wanneer 'n kind in verskillende situasies steeds één bepaalde gedragsvorm vertoon, is sy gedrag star. Hierdie starheid kan die gevolg wees van 'n neurotiese ontwikkeling of ook deur ander oorsake soos opvoedingsfoute of organiese beskadiging.

ix. <u>Die rol van seun en dogter</u>

Gedra die seun hom seunsagtig of het hy meer die houding van 'n meisie? Is sy belangstelling meer vroulik gerig en soek hy miskien by voorkeur die geselskap van meisies om mee te speel? Waarneming van hierdie faset van

gedrag kan aandui of die kind die rol van sy seks op hom neem en of hy hom daarteen verset. Dit spreek vanself dat by die beoordeling die leeftyd van die kind betekenis het. Wanneer 'n seun van 9 jaar by voorkeur die geselskap van meisies soek om mee te speel, lei dit tot ander gevolgtrekkinge as wanneer 'n seun van 15 jaar baie belangstelling in meisies koester.

x. Gedrag en leeftyd

Van die ouer kind verwag mens 'n ander gedrag as van die kleuter. Sommige kinders vertoon egter gedraginge wat nie meer by hulle leeftyd pas nie. In hulle gedrag het hulle agtergebly, hulle gedrag is té kinderlik of té infantiel.

xi. Frustrasietoleransie

Aangesien dit vir die persoonlikheidsontwikkeling van 'n kind nie goed is dat hy altyd sy sin kry nie, moet hy deur sy opvoeders van jongsaf geleer word om sy frustrasies te verdra.

b. Die kind se gedrag t.o.v. die groepsleiding

Van groot betekenis vir die gesonde geestelike ontwikkeling van die kind is of daar 'n goeie gevoelsband met die onder= wyser tot stand kom. Daar is kinders op wie mens geen vat het nie en by wie die gewone opvoedingsmiddele van beloning en straf geen uitwerking het nie. In die kind-onderwyser-verhouding speel die gesagsverhouding 'n belangrike rol. Aanvaar die kind die gesag of verset hy hom daarteen,

/176.

onderwerp hy hom maklik of meesal onder protes, tree die kind uittartend op?

c. Die status in die groep

ŉ Belangrike aspek by waarneming van die kind in die groep is watter plek hy te midde van sy groepsgenote inneem. Dit is vir die voogonderwyser van besondere betekenis om vas te stel of die kind populêr is, of hy sonder meer aanvaar word, of hy geïgnoreer word en of hy beslis verwerp word. Deur van die sosiogram gebruik te maak word verhoudinge aan die lig gebring wat die onderwyser nooit vermoed het nie. Die sosiogram is egter maar ŉ momentsopname. Die moontlik=heid is groot dat, wanneer die ondersoek ŉ week later herhaal word, die resultate van die vorige sal afwyk.[101)]

4. Waarde van die waarneming van kinders

Hierdie paragrawe oor die waarneming van kinders kan vir die Christelike voogonderwyser besondere betekenis in sy opvoedingstaak gee. Hy kan die hulpsoekende kind as individu inniglik leer ken, nie net as voog nie maar as wetenskaplike kinderkenner.

As voogonderwyser moet hy steeds in gedagte hou dat, al is die mens in wese hóé sosiaal, wie opvoed, voed enkelinge op.[102)]

---

101) Ibid., p. 29 - 43.
102) Vloemans, op. cit., p. 170.

/177.

5. Die kind en huiswerk

Huiswerk is 'n afdeling van die opvoeding en onderwys wat baie belangrik vir die voogonderwyser is en wat ook vele fasette het.

a. Die waarde van huiswerk

Huiswerk bring die skool in die huis en bevorder samewerking tussen huis en skool. Die ouer word dan ook bewus van die probleme van sy kind. Maar belangrike karaktereienskappe soos selfstandigheid, volharding en pligsgetrouheid word gekweek. Omdat huiswerk doen ook selfstandige werk veronderstel, kan daaruit inisiatief, selfvertroue, vinding=rykheid en gehoorsaamheid voortvloei. Dit lê die grondslag vir verdere studie en dit is 'n gesonde middel tot vryetyds=besteding.

b. Omstandighede tuis

Telkens kom die taak van die voogonderwyser weer na vore: is hy bewus van die maatskaplike toestande waaronder sy leerlinge lewe? Daar is dikwels kinders wat geen plek het waar studie in stilte gedoen kan word nie, wat geen eiendom van hulle eie of 'n stoel het om in te ontspan nie, en wat niks weet van 'n warm, gemaklike nagrus nie. Albei ouers werk, daar is miskien ander kleuters in die huis wat pla en ouers verleen geen praktiese hulp of aanmoediging aan kinders nie. Baie kinders gaan gevolglik gebuk onder laste van angs en kommer. Die voogonderwyser mag dus nooit alle kinders oor een kam skeer nie.

/178.

c. ʼn Goeie prosedure met huiswerk

i. Daar behoort ʼn vasgestelde tyd te wees vir huiswerk en studie, sonder steurings van boeties, sussies, maats of selfs die moeder wat kort-kort ʼn opdrag gee.

ii. Huiswerk moet min wees, maar gereeld gegee word. Dit behoort ook nie met naweke of op spesiale dae - sport, funksies, ens. - gegee te word nie.

iii. Die voogonderwyser moet die kind se huiswerk met aandag en simpatie bejeën. Deur sy vordering in die klas te evalueer kan hy naastenby bepaal of die kind tuis sy studies en huiswerk reg doen.

iv. Die voogonderwyser moet kinders leer om die gewoonte te vorm om met ʼn wil te studeer, om te konsentreer, selfs as hulle iets anders wil doen. So word selfdissipline bevorder en karakter gevorm.[103)]

6. Die kind en beroepsgerigtheid

Dit is noodsaaklik dat die voogonderwyser reeds op laerskool=vlak elke kind se potensiaal ontdek en deur samesprekings dit onder ouers se aandag bring. Hy vergelyk die kind se skoolrekord met sy potensialiteite. Maar hy moet ook die kind se houding en optrede in die klaskamer en buiteskools

---

103) Stellwag, op. cit., p. 76 en 88 - 89.
Vgl. ook: Dawson, op. cit., p. 149 - 150;
Taute, op. cit., p. 101 - 104; Redaksioneel.
Sinvolle huiswerk bepleit. T.O. Nuusbrief,
44: 3, Februarie 1972.

/179.

waarneem en met ander onderwysers, predikante, vriende en ouers onderhoude voer oor die kind.[104] Dit vereis eintlik ook opgeleide voorligters in die laerskool, veral met die oog op st. 5 in die junior sekondêre afdeling. Die vraag kom egter na vore of die voogonderwyser as plaasvervangende ouer vandag werklik elke kind só intiem ken dat hulle aan ouers raad kan gee.

Daar is verskillende faktore wat beroepsgerigtheid beïnvloed. Die ouerhuis bly steeds die primêre faktor om die kind vir verdere studie te motiveer.[105]

Die kind het beide vader en moeder nodig in sy harmoniese ontwikkeling en wel as 'n eenheid en nie as 'n teenstelling nie. Hulle is dikwels in botsing oor hulle kinders se opvoeding en toekomsgerigtheid. Hulle sal kinders vertel om sekere soorte werke te vermy vanweë swak betaling, lang werksure, lae prestige en ander nadele. Of hulle beïnvloed hulle kinders deur toevallige opmerkings wat hulle oor verskillende beroepe maak. Maar indirek beïnvloed hulle hul kinders se keuse deur die soort werk wat hulle self doen. Hierdie beïnvloeding vind dikwels reeds plaas nog vóór die kind skool toe gaan. Soos die kind ouer word, vermeerder die familiedruk, sodat by die bereiking van adolessensie sy gesindhede teenoor verskillende beroepe reeds goed gevorm is. Baie ouers skerp dit van die vroegste kinderjare af by hulle

---

104) Van der Walt, S.J. Opvoedkundige en psigologiese meting, p. 19 - 20.

105) Waar dit ontbreek moet die voogonderwyser intree en met ouers gesels.

kinders in om ŉ beter beroep as hulle vaders te hê. Maar daar is ook huise waar dit aan vlyt, deursettingsvermoë, selfrespek en ambisie ontbreek.[106)]

Hurlock wys daarop dat die invloed van onderwysers in die beroepskeuse die grootste is tot die 19de jaar, maar daarna neem dit af, m.a.w. tot st. 10 is die invloed baie groot. Dogters van alle ouderdomme word in hulle beroepskeuse méér deur onderwysers beïnvloed as seuns. Tot op die ouderdom van 11 jaar egter word kinders se keuse van ŉ toekomstige beroep eerder deur fantasie beïnvloed.[107)]

Waar die kind van gr. ii en st. 1 reeds teësin in die skool kan ontwikkel,[108)] en reeds van sy 11de jaar, d.w.s. st. 2 - 3, deur die onderwyser beïnvloedbaar is t.o.v. beroepskeuse, dui dit weer eens op die belangrikheid van die voogonderwyser se taak om deur grondige kennis van die ouers en hulle gesindhede die ouers ten goede te probeer beïnvloed. Ook Hauptfleisch onderskryf dit dat motivering van kinders reeds in die laerskool gekweek moet word. Onderwysers wat talente raaksien, aanmoedig en perspektiewe en vergesigte oopmaak, speel ŉ rol van onskatbare waarde.[109)] Waar die skool aanspraak maak op die volle ontplooiing van elke kind se moontlikhede, is dit ook sy verpligting dat daardie ontplooiing in sy latere beroep vergestalting sal vind. Die laerskool het ook hier ŉ roeping, terwyl die sekondêre

---

106) Hurlock, op. cit., p. 355 - 356. Vgl. ook: Hauptfleisch, G.J. Die student is in ŉ drukpot, en die druk kan soms te hoog word. Buurman, 4(1): 7, Sept. - Nov. 1973.
107) Hurlock, op cit., p. 357.
108) Vgl. Hurlock, op. cit., p. 345.
109) Hauptfleisch, op. cit. p. 7. Bailard & Strang, op cit., p. 173-174 bepleit selfs konferensies spesiaal oor beroepsvoorligting. Vgl. ook: p. 256-257 hieronder.

skool geen verskoning het, of durf versuim om kinders en hulle ouers te motiveer nie. Te veel kinders verlaat die skool op 16-jarige ouderdom en waardevolle breinkrag wat vir die voortbestaan van die Republiek nodig is, gaan onnodig verlore. Veelal is die vroeë skoolverlaters ook nie op selfstudie ingestel nie, en is die gevaar wesenlik dat hulle ŉ verdere toevoeging is tot toekomstige onge=motiveerde ouers.

## VIII. S L O T S O M

Die natuurlike ouer en opvoeder het kinders wat hy lief het en met wie hy voortdurend in talle situasies sedert hulle geboorte kontak het. Hy ken sy kinders se behoeftes, probleme, node, tekortkominge, aspirasies, bekwaamhede, ens. Dit is nie vir hom nodig om aantekeninge van elke kind te maak nie. Die voogonderwyser as plaasvervangende ouer, daarenteen, het in sy klas 30 of meer kinders wat hy ook lief het, vir slegs een jaar van hulle lewe. Dit verg ŉ diepgaande studie om elkeen intiem te leer ken.

In die vorige bladsye is aangedui hoe die voogonderwyser die individuele kind moet bestudeer op talle vlakke en in baie situasies t.o.v. al die fasette in die kind se lewe. Dit word sterk bevraagteken of die voogonderwyser sinvolle leiding aan die kind en sy ouer kan gee as hy nie aantekeninge van sy bevindinge oor elke kind maak nie. Die gewone Ed.Lab.-kaart bevat veels te min gegewens wat enigsins ŉ aanduiding is van die opvoeding en onderwys van die hele kind.

/182.

ŉ Omvattender en beduidender verslagkaart is nodig.

Dit behoort ook duidelik te wees dat die kind nooit as individu geken kan word as die voogonderwyser nie ook sy huislike agtergrond ken nie. Dit verg kommunikasie tussen die natuurlike en plaasvervangende voogde wat die doeltref= fendste d.m.v. ouer-onderwysersamesprekings kan geskied.

Van die Christelike voogonderwyser word verwag om ŉ diep= gaande studie van die opvoeding van kinders te maak - van die hele kind - om ŉ grondige kennis van die sosiologie te hê en om roepingsbewus en gelowig sy opvoedingstaak uit te voer.

Is die leiding wat hy gee nie veelal op die skolastiese gerig en daarby op die "talk and chalk"- metode geskoei nie en die ware Christelike opvoeding ly skade? Gee die georganiseerde professie gestalte aan die hoë ideale van owerhede en gesaghebbende opvoedkundiges, of word daar steeds geskuil agter voorgeskrewe godsdiensperiodes, "daar was nog maar altyd voogonderwys" en "die goeie onderwyser ken elke kind?"

Net soos die georganiseerde professie skynbaar nie werklik aan Christelike opvoeding en onderwys reg laat geskied in die praktyk t.o.v. die kinders van die volk nie, kry ŉ mens die indruk dat reg ook nie aan ouers en gemeenskappe geskied nie, vanweë gebrekkige kommunikasie tussen onderwysers en ouers.

In die volgende hoofstuk word op die noodsaaklikheid van ouer-onderwysersamesprekings gewys.

/183.